
JULIE 2018 NO. 07138
RSA R39.90
(BTW INGELSUIT)
NAMIBIË N$42.00

MESSE
SO SLYP JY 'N MES



PROMOSIE
VELDDRAG VIR ELKE JAGTER



# JAGTER
SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN
# HUNTER

DIE TYDSKRIF VIR DIE JAGTER EN BEWAARDER / THE MAGAZINE FOR THE HUNTER AND CONSERVATIONIST

JAG
As pa's en seuns saam jag

THOUGHTS ON
Shotgun ballistics


BOWHUNTING
THAT FIRST TIME

Hoekom die 9.3's koning kraai

JAG
Bighorns in die berge

SABATTI
'n Romein vir raakskiet

9 770259 935002 07138


ONE FOR ALL™
P320®
ADAPTABLE. MODULAR. SAFE.
The same crisp trigger group easily converts into over 40 configurations of caliber, color and size to suit any shooter's every need.
SIGEVOLUTION.COM/P320
SIG SAUER®
when it counts®
L&O Group SA
Exclusive Importer, Distributor and Wholesaler
Tel: 012 819 7800 / 7811 | E-mail: infosa@lo-int.com

TEL: 012-485-9382 FAKS: 012-485-9364
Privaatsak X202, Pretoria, 0001
Xcelpark, h/v Lynnwood- en Roderickstraat, LYNNWOOD, 0081

**INLIGTING OOR DIE SA JAGTERS- EN WILDBEWARINGSVERENIGING**
Tel: 012-808-9300 faks: 012-808-9344
SAJWV: LEDENAVRAE, Tel: 012-808-9300

**REDAKSIE**

**REDAKTEUR:** Koos Barnard
Koos.Barnard@media24.com
Tel: 012-485-9401

**SUBREDAKTEUR (VRYSKUT):**
Eunia Barnard (Artikelnavrae & taalversorging)
Eunia.Barnard@media24.com
Tel: 012-485-9402

**SUBREDAKTEUR:**
Marisa Beeton (Taalversorging)
Marisa.Beeton@media24.com Tel: 012-485-9350

**UITLEGKUNSTENAARS:**
Marthie van Dyk – Marthie.vanDyk@media24.com
Tel: 012-485-9404 Faks: 086-559-8004

Malinda Craythorne (Advertensie-ontwerp)
Malinda.Craythorne@media24.com
Tel: 012-485-9405 Faks: 086-535-4073

**KANTOORBESTUURDER:**
Patricia Jooste (Navrae/Administrasie)
Patricia.Jooste@Landbou.com
Tel: 012-485-9382 Faks: 086-535-4058

**MEDEWERKERS:**
Herman Jonker
Kassie Kasselman
Cassie Nienaber
Johan van Wyk

**ADVERTENSIES**

**BESIGHEIDSBESTUURDER:** Dirk Lamprecht
012-485-9356 / Dirk.Lamprecht@media24.com
**ADVERTENSIEKONSULTANTE:**
Jacques Boshoff 012-485-9357/079-528-8793
Franco Jooste 012-485-9351/072-2500-201

**INTEKENARE-NAVRAE:**
Tel: 087-740-1018/Faks: 086-457-5916
E-pos: hunter@media24.com
Webtuiste: www.sahunt.co.za

**MEDIA24 WEEKLIKSE TYDSKRIFTE**
**HOOFBESTUURDER:** Minette Ferreira
**UITGEWER:** Theuns Venter
**ADMINISTRASIE:** Johan Terblanche
**SIRKULASIEHOOF:** Johan Sadie
**SIRKULASIE:** Armand Kasselman
**INTEKENARE:** Elmarie Eygelaar
**HOOF MEDIA24-TYDSKRIFTE:** Ishmet Davidson
**HOOF FINANSIES-TYDSKRIFTE:** Raj Lalbahadur

**DRUKKER:**
Paarl Media Cape, 10 Freedom Way, Marconi Beam, Milnerton, 7441.

**UITGEGEE & VERSPREI:**
Media24 (Reg. no. 05/038385/06), Heerengracht 40, Posbus 2271, Kaapstad, 8000



© Kopiereg ***SA JAGTER/HUNTER.*** Alle regte voorbehou. Menings van medewerkers, rubiekskrywers en korrespondente word nie noodwendig deur *SA JAGTER/JAGTER* onderskryf nie. Die redakteur behou die reg om artikels en briewe te verander en/of te verkort. Die uitgewer aanvaar geen aanspreeklikheid vir die inhoud van advertensies nie.


**SA JAGTER/HUNTER ruil nie advertensiespasie of gunstige redaksionele verslae oor produkte en/of jagbestemmings vir gratis jagte of produkte nie.**

# INHOUD



## RUBRIEKE


**4** In my visier

**6** Bospos – Sê jou sê

**8** Snelvuur

**10** Dooierus – Kluisenaars

**50** Bokspog

**54** Vra vir Kassie


## ARTIKELS


**12** 'n Romein vir raakskiet
**Koos Barnard**

**18** As pa's en seuns saam jag
**Geoff Crewe-Brown**

**22** Die 9.3's – handige medium-kalibers
**Johan van Wyk**

**26** Bowhunting – that first time
**Danie Geel**

**30** Skerp messe
**André Erasmus**

**34** Bighorn-jag
**Rudi Gous**

**40** Diagnose
**Tuba van der Walt**

**44** Thoughts on shotgun ballistics
**Jacques Botha**

**52** Your guide and you
**Peter Stannard**


## PROMOSIE


**58** 5.11 Tactical – klere vir die buitelewe

**60** Stevenson-Hamilton – verdwyn in die bos


## IN DIE KOL


**62** Rudolph VH 6-24x50
**Koos Barnard**





**VOORBLAD:**
Die Sabatti Saphire in .308 Win en Sabatti Tactical in 6.5x47L is twee gewere wat uitstekend geskik is vir jag en skyfskiet.


**GEWEER- EN AGTERGRONDFOTO'S:**
KOOS BARNARD.









IN MY VISIER

# Maar hoekom?




So vra iemand my onlangs toe ek vertel hoe ek alleen en te voet in die Moordenaarskaroo gaan jag het.

Dis ruwe klipwêreld met min paaie, so wat jy skiet moet na die naaste pad gedra word. Die springbokram wat voor my .243 Strasser geval het, moes ek 760m ver dra. Ek het vroeggegend my bakkie aan die voet van 'n berg geparkeer en is toe te voet teen dié steilte uit. Drie ure later, bo-op die plato, het ek op die ram aangelê.

Met die bok in die skadu van 'n kareeboom gebêre, moes ek 7km ver stap om my bakkie te gaan haal.

Maar hoekom? Dié vraag het my ook aan die storie van Rudi Gous se bighorn-skaapjag laat dink wat ons in hierdie uitgawe publiseer. Dit het Rudi in totaal 58 dae oor vyf jaar in die Kanadese berge geneem om daardie skaap geskiet te kry. In die proses het hy herinneringe bymekaar gemaak wat hom sy hele lewe sal bybly.

Sommiges sal moontlik dink dis omdat 'n mens eties wil jag dat jy bereid is om so te swoeg en te sweet. Maar dis nie waar nie, etiek het niks daarmee te doen nie. Dit gaan oor die jagervaring. In ons moderne wêreld het jag volgens my mening 'n afgewaterde affêre geraak. 'n Mak oefening waartydens jy met die minste inspanning en oor die kortste moontlike tyd in die veld jou wild moet oes. Dan keer jy terug na die luukse *lodge* toe waar jy alles byderhand het wat die groot stad jou bied, DStv ingesluit (behalwe miskien KFC).

Ongelukkig is daar in Suid-Afrika nie meer ware wildernisgebiede oor waarin jy kan gaan ronddwaal nie. Jagplase is ons enigste opsie en ek is dankbaar dat hulle bestaan. Ek wil egter iets anders ervaar as bloot 'n vinnige koop-en-loop-ervaring. Daarom skiet ek minder en "jag" ek meer.

Hoe meer jy "jag", hoe meer beleef jy en leer jy van die veld. Stapjag laat my juwele raaksien wat ek sou mis as ek in of agterop 'n voertuig ry... soos die twee goudgeel gousblommetjies in die Moordenaarskaroo.

Vir honderde meters rondom dié twee was daar net klip... die aarde geskroei deur die driejaardroogte en somerhitte. Maar ten spyte van die swaarkry het die twee se goue glimlaggies my daaraan herinner dat die lewe altyd 'n mooi kant het, jy moet net soek daarvoor.

Dis eers wanneer jy die veld op voetsoolvlak deurkruis, dat jy die swoeg en sweet en die bymekaarmaak van herinneringe sal verstaan. Dán sal jy ophou vra, "Maar hoekom?"

**Mooi loop!**

Koos




VORTEX
www.VortexOptics.com
Dinner is out there
you just have to find him.
RAZOR GEN II
5-20 x 50
VIPER
6.5-20 x 50
DIAMONDBACK HP
4-16 x 42
CROSSFIRE II
6-24 x 50 AO
For your closest dealer, please call 0861-005903. Proudly distributed in Southern Africa by Whylo Distributors

BOSPOS

# Sê jou sê

E-pos na *marisa.beeton@media24.com*

**WENBRIEF**

## VROUENS IN DIE JAGVELD

Ek is 'n vrouejagter wat die afgelope 30 jaar verskeie spesies gejag het – van 'n springbok tot 'n eland. My ervaring met manlike medejagters was egter nie altyd positief nie.

Met die skiet van my eerste bok het die gids (nadat ek die skoot afgetrek het) aanbeveel dat die bok nie gesoek hoef te word nie, want *"the madam took the shot"*. Ongelukkig vir die gids het my bok nét daar geval, met die skoot presies waar ek gemik het. Van toe af was ek 'n kranige jagter.

My vraag: Waar is daar plek in die jagtersgeledere vir vrouens wat jag? As jy nie saam met jou man gaan jag nie, kry jy die meeste van die tyd nie werklik geleenthede nie. Tydens sosiale jagte is mans meestal onwillig om vrouens saam te neem. My man jag saam met sy medejagters, maar ek word nie saamgenooi nie, doodeenvoudig omdat hulle nie vrouens in die jagveld wil hê nie.

Dit gaan immers om jag. En vrouens wat bekwaam is, behoort nie as gevolg van hulle geslag uitgesluit te word nie. Ons vrouejagters werk net so hard in die veld vir ons bokke, ons bring in alle opsigte ons kant met die kosmaak in die kamp, sny spoor wanneer nodig en gesels net so lekker oor die dag se jagervaring om die kampvuur. Ook bewerk ons net so bekwaam as enige man die vleis wat terugkom huis toe.

Die tyd toe mans die jagters was en vrouens net veldkos bymekaar gemaak het, is verby.

**ANDREA BUCKLEY**

** Andrea wen die Safari Outdoor-geskenkbewys van R500.*




## GRONDWET

Die artikel rakende die herlisensiëring van vuurwapens in die April-uitgawe van SA JAGTER/HUNTER maak my bang as ek dink dat hierdie wetgewing sommer goedsmoeds verander kan word. Die hooggeregshof het daarop gewys dat geen voorsiening gemaak word vir die vergoeding van 'n ingehandigde vuurwapen (waarvan die lisensie verval het) nie. Dit kom neer op die skending van eiendomsreg wat teenstrydig is met art. 25 van die Grondwet.

Wat keer die owerhede om hierdie wet te verander? Daar word hard gewerk om die Grondwet aan te pas om die veelbesproke aangeleentheid van onteiening van grond sonder vergoeding te wettig.

Nou is my vraag: Wat is die wet werd? As dit so maklik is om die Grondwet te verander om sekeres te pas, dan maak dit die Grondwet mos niksseggend en waardeloos. As die regering die grondwet so kan verander, kan hulle mos ook die vuurwapenwet aanpas en verander.

En wat van die wet op selfverdediging? Verander dié wet wat bepaal dat wanneer daar 'n ongewensde persoon op 'n ongewensde tyd jou eiendom betree, jy nie op hom/haar mag skiet nie. Skiet jy iemand wat in die middel van die nag ongemagtig in jou huis is, sal jy sien hoeveel moeilikheid jy jouself op die hals haal.

**THEUNS ELOFF**

## DUUR PRODUKTE PLA

Ek sit vanoggend die SA JAGTER/HUNTER-tydskrif van Mei 2018 en lees. Alhoewel ek elke maand met afwagting uitsien na die nuwe tydskrif, kry ek dikwels so 'n suur smaak in my mond dat ek na 'n groot pak Rennies verlang.

Ek glo daar is baie armgatjagters (soos ek) wat sal saamstem. Op elke voorblad pronk die mooiste geweer met 'n teleskoop wat deur Koos Barnard getoets word. Hy vertel dan hoe lieflik die geweer of die teleskoop is sodat dit partykeer klink of hy vir vroulief wil inruil vir so 'n geweer of teleskoop. Dis seker goed om al die mooi dinge oor die teleskoop of geweer te sê, maar dan kom 'n mens by die einde van die lofbetuiging... die prys! Tussen R50 000 en R54 000? (Dan is daai sooibrand soveel erger!)

Dink ons redakteur dan dat net ryk mense die tydskrif lees? Kan goeie *cheepy* teleskope en gewere wat die arm man kan bekostig, nie ook getoets word nie? Ek glo dat die oorgrote meerderheid lesers salaristrekkers is wat nie onuitputlike geldelike bronne het nie.

**ANTON COLEMAN**

Die redakteur antwoord:
*Anton, ons toets darem nie net duur gewere en duur teleskope nie. Gaan lees weer die April-uitgawe. Daarin verskyn 'n artikel oor Leupold se nuwe teleskoop, die VX-Freedom wat vir net R5 000 verkoop. Ons het ook die CZ 557-geweer getoets wat regtig bekostigbaar is. In die Januarie-uitgawe het ons die veldtoets bespreek van 'n Howa-geweer (6.5 Grendel) en hulle kos deesdae rondom R10 000. Ek glo daar word genoeg produkte getoets wat by die "armgatjagters" byval sal vind.*

## LOS PATRONE

Ek stem saam met Jaco van der Mescht (April-uitgawe) dat patrone los te koop aangebied behoort te word. Ek gaan jag een keer per jaar en dink nie dis die moeite werd om 'n herlaaistel te koop nie. Ek besit 'n .308 Sako Forester en het al die jare met 168gr PMP's gejag.

Die laaste jaar of drie was die ammunisie nie meer dieselfde nie. Dit skiet vreeslik rond en bont. Ek sal ook daarvan hou om verskillende los koeëls te kan koop, sodat ek kan sien watter ammunisie die beste in my vuurwapen sal werk. Ek sal verseker dan teruggaan na die vuurwapenhandelaar om twee of selfs drie bokse ammunisie te gaan koop. (En sodoende sal die handelaar steeds sy wins maak.)

**ZAINE SWIFT**

## GEWEERMENERE


As jong geweerliefhebber (30 jaar gelede) het ek my verstom oor die deursneegeweerman se gebrek aan tegniese kennis. Amper almal het gemeen as die koeël uit die loop is, begin dit eers mooi spoed optel...

Toe doen die nuwe regering ons die guns en begin met belaglike wetgewing en opleiding (wat 'n goeie idee was indien dit korrek toegepas sou word) en dit laat die manne besef dat wapeneienaarskap 'n belangrike voorreg is. Die manne sluit aan by verenigings en klubs. Die gebruik van elektroniese kommunikasie bring talle nuwe oulike wapens, messe, optiese toerusting en jagtersnuisterye onder almal se aandag. Artikels oor nuwe tegnologie laat jagters elke jaar na beter produkte soek en wapenwinkels verander van 'n hoekie in die koöperasie na 'n luukse-geweersupermark.

Die wildbedryf ontwikkel en almal wil jag! Die een jagter weet nou meer as die ander. Die manne skiet só ver dat iemand moet bel en sê of dit raak is. Dikloopgewere met groot, kragtige teleskope is ook nou aan die orde van die dag.

Dankie vir elektroniese kommunikasie en dankie aan die owerhede vir hulle wapenwette. Saam het julle gesorg vir 'n nuwe generasie wapenkenners en -entoesiaste.

**DAAN GROBLER**


Trijicon
Brilliant Aiming Solutions™
ECM Technologies
CONTACT US FOR YOUR NEAREST DEALER:
Tel: 012 329 4116 • sales@ecmtech.co.za
THE VERSATILE RMR®
From big game hunting...
To pistol shooting
The Trijicon RMR® (Ruggedized Miniature Reflex) sight is the most rugged miniature red dot sight available!
LED
Dual-Illuminated
Adjustable LED
THERMAL IMAGING | NIGHT VISION | HUNTING & TACTICAL | SELF-DEFENCE
See all Trijicon® products and more on:
www.ecmtech.co.za

KORTLIKS

# Snelvuur

## SA JAGTER/HUNTER SE NUWE WIELE




Ons sê baie dankie aan Monument Toyota en die Unitrans-groep vir die borg van SA JAGTER/HUNTER se nuwe bakkie – 'n Toyota Hilux 2.8GD 6 4x4 Raider AT. Op die foto verskyn Carel Volschenk (links) en André Jordan (middel) van die Unitrans-groep saam met Koos Barnard, die redakteur van SA JAGTER/HUNTER, tydens die oorhandiging van die bakkie by die gebouekompleks van Monument Toyota in Constantia, Roodepoort.

Hier by die tydskrif is ons baie in ons noppies met dié lekker nuwe wiele. Toyota het geen bekendstelling nodig nie, dit is die bobaas-bakkie in Suid-Afrika, iets waarvan duisende tevrede eienaars sal getuig.

Hierdie 4x4 gaan verseker goed gebruik word om jagstories en ander materiaal in te samel vir goeie, lekkerleesartikels. Hou die tydskrif dop.

Nogmaals baie dankie aan die Unitrans-groep, ons sien uit na 'n lang en vrugbare vennootskap saam met die groep en Monument Toyota Constantia.

## SA JAGTER/HUNTER-SKIETKOMPETISIE

Die SA JAGTER/HUNTER-tydskrif hou op 22 September 2018 'n skietkompetisie op die Blue Gum Valley-skietbaan buite Pretoria. Maar ons gaan vir 'n slag op die meer konvensionele jaggewere konsentreer en die maksimum afstand sal 200m wees.

Lede van jagverenigings kla dikwels dat hulle nie aan skietkompetisies wil deelneem nie, omdat hulle nie met hul liggewig jaggewere kan kompeteer teen diegene wat spesiale kompetisiegewere besit nie. Sommige mense voel dat skietkompetisies deesdae 'n *equipment race* geword het.

Dis moeilik om die begrip jaggeweer te definieer en daarom het ons besluit om liewer die term 'ligte stapgeweer' te gebruik. Vir die skietkompetisie sal die volgende beperkings dus geld:

1. Die geweer moet 'n konvensionele pistoolgreep hê, geen duimgatkolwe of GRS-tipe pistoolgrepe sal toegelaat word nie.
2. Die loop mag nie meer as 19mm by die tromp meet nie.
3. Gewig sal beperk word tot 5.8kg (teleskoop ingesluit).
4. Maksimum teleskoopvergroting sal 10x wees.
5. Minimum kaliber is enigeen wat 'n 6mm-koeël skiet.
6. Knaldempers word toegelaat, maar geen trompremme nie.
7. Geweerbande wat rondom die boarm vasmaak, word glad nie toegelaat nie.
8. Geen skiethandskoene of elmboogbeskermers nie.
9. Skuts voorsien hul eie skietstokke, maar met slegs 'n enkelondersteuning onder die geweer se voorlaai.

Hierdie is slegs voorlopige reëlings en die reëls mag dalk effens verander. Ons sal julle ingelig hou. Die totale aantal skote sal 25 wees. Ongelukkig sal daar geen inskietgeleentheid die oggend voor die kompetisie wees nie.

Lekker groot pryse word beplan, maar alle pryse sal op die basis van 'n gelukkige trekking uitgedeel word sodat almal, nie net die topskuts nie, 'n gelyke kans staan om iets te wen.

Ons mik vir 'n totaal van 80 deelnemers. Die inskrywingsgeld behoort na raming so rondom R250 te wees.

Dan wil ons ook op dieselfde dag 'n windbuks-skietkompetisie op hierdie baan hou vir kinders. Meer inligting oor dié kompetisie sal ook mettertyd deurgegee word.

Sodra al die beplanning voltooi is, sal ons julle die geleentheid gee om in te skryf. Alle inskrywings sal voor die tyd gedoen word, geen inskrywings word op die dag van die kompetisie aanvaar nie. Hou maar die tydskrif en ons Facebookblaaie dop vir meer inligting oor wanneer die inskrywings opgestel gaan word.

## REGSTELLING: KOLSKOOT

In *Kolskoot* (SA JAGTER/HUNTER se ekstra tydskrif) wat vanaf vroeg-Mei reeds beskikbaar is, het daar 'n drukkersfout ingesluip.

Die skrywer van die artikel, *Wat is Bisley-skiet?* is Schalk Cullinan (en nie Schalk Vermeulen soos dit bo-aan die artikel op bl. 92 verskyn nie). Ons vra groot verskoning aan die twee Schalke vir hierdie flater.

## JAGTERS WEN PRYSE

Die SAJWV het gedurende HuntEx 2018 van sy lede beloon wat hul lidmaatskap tydens die skou by Gallagher Convention Center in Midrand kom hernu het. Elkeen wat sy of haar lidmaatskap daar hernu het, het in aanmerking gekom vir heerlike pryse wat op 'n gelukkige trekking gebaseer is.

Bushill, die plaaslike agente vir Air Arms-luggewere het 'n pragtige S510-geweer geskenk, Whylo het 'n Vortex Diamondback-verkyker geskenk en Die Koöperasie het 'n Steiner-verkyker geskenk wat as pryse uitgeloof kon word.

Louis du Plessis was die gelukkige wenner van die Air Arms-luggeweer, Brenda Basson het die Diamondback-verkyker gewen en Hennie Venter die Steiner. Hierdie lekker pryse is tydens 'n kort funksie in Meimaand by Inyathipark, die SAJWV se kantore in Pretoria, aan die wenners oorhandig.


Baie dankie aan die SAJWV vir hierdie mooi inisiatief en nogmaals baie dankie aan die borge wat hierdie pryse verskaf het.



**FOTO LINKS:** VLNR verskyn Jackie Crafford sr. van Bushill, Louis du Plessis met sy Air Arms-luggeweer, Fred Camphor en Jackie Crafford jr.



**FOTO LINKS:** Hennie Venter (links) en Brenda Basson (aan Fred Camphor, HUB van SA Jagters, se regterkant) was die wenners van die teleskope.





## LYNX LX3 2.5-15x50 SA Hunter

### Illuminated SA Hunter Reticle

- Aiming points on the reticle make it easy to compensate for distance as well as crosswinds
- Bold reticle lines are easily visible in poor light whilst still being thin enough for accurate shot placement on small targets

### Side-mounted Focus and Illumination Switch

- Reticle illumination switches off and on with a single click and recalls your previously-selected brightness setting

### Toolless Adjustment Controls

- 60 MOA adjustment travel
- ¼ MOA per click



Extra low-dispersion glass and the latest anti-reflective lens coating technology deliver a sharp and brilliant sight picture.

www.lynx.co.za

011 792 6644

info@lynx.co.za

DOOIERUS

# Kluisenaars



*Deur* HERMAN JONKER

Die binnekant van 'n kluis, met die swaar staaldeur gegrendel en gesluit, moet 'n stil plek wees. En ewig donker natuurlik, want met die digte deur kan daar geen dag en geen nag, en uiteindelik geen maatstaf van tyd meer wees nie.

Dit moet voel soos die ewigheid daar binne. Tydloos en somber, met die reuk van geweerolie alomteenwoordig. Tot daar op 'n dag skielik 'n sleutel in die slot knars en die deur met 'n sagte kreun oopswaai.

As gewere siele gehad het – wat ek glo hulle het, maar nie almal nie – juig hulle seker so 'n slag. Want wat is 'n weggesteekte geweer anders as 'n stom stuk yster? Wie kan vorm en vlam en fyn gravering waardeer in die stikdonkerte van 'n SABS goedgekeurde kluis? Dit is eers as die lig instroom en die geweer in die hand geneem word dat hy na waarde geskat word. Dan pronk hy en wys hy sy lyne, fier en sekuur soos sy kunstige skeppers hom gevorm het. En dis eers wanneer hy gelaai word en die slagpen val dat hy werklik betekenis kry.

Al die wapens in 'n kluis is egter nie altyd so gelukkig nie. Daar is ook daardie roers wat lank sluimer.

Jy kry hulle. Gewere wat jaar in en jaar uit maar net daar staan, ongebruik en bykans vergete. Verlate leun hulle daar in die donker teen die stil mure, soos kluisenaars in eensame afsondering.

'n Mens kan seker op baie spore terugloop om die rede vir sulke miskenning te gaan soek. 'n Eienaar se gesondheidskwessies, sy geldsake, geleenthede, wat ook al. Maar dit kan ook wees dat so 'n geweer en sy baas mekaar maar net nie mooi kon vind nie. Dat 'n hegte band tussen warm hand en koue staal nooit gevorm het nie en nou staan die versaakte skietstuk maar daar.

Ja, dit gebeur, en dit ten spyte daarvan dat die manne tog so kan sweet oor watter geweer om te kies.

Want of jy nou 'n eerstegeweer-dromer of 'n twaalfdegeweer-koper is, altyd is daar maar die besluite: Watter kaliber, watter tipe aksie, watter maak, watter model, watter afwerking? En dis nog net die geweer. Dan moet daar ook nog besluit word oor dinge soos 'n teleskoop, ammunisie en bybehore.

Dis moeilike besluite, soos enigeen wat al met 'n hoogswanger geweerkoper te doen gehad het, kan getuig. So 'n man het soveel vrae (en soms terselfdertyd soveel beterweet-antwoorde!). Die belangrikste vraag vra hy homself egter nie. Wie is ek werklik?

Want dit is miskien die heel belangrikste: Om eerstens jouself te peil. Watter soort skut, watter soort jagter, watter soort mens jy werklik is, want dan sal jy weet wat dit is wat jy wil doen met die geweer. Waar presies lê jou natuurlike ingesteldheid? Is jy in wese 'n stapjagter of 'n presisieskut? Is die versorging van 'n geweer vir jou 'n plesier of 'n taak? Sien jy dinge verkieslik deur 'n teleskoop of geniet jy die instinktiewe swaai van 'n haelgeweer? Is jy dalk eerder 'n sportskut as 'n jagter? Of andersom? Wat as jy eintlik nie een van die twee is nie en jou belangstelling eerder in iets heel anders lê?

Maar so eerlik is ons nie. Altans nie met onsself nie. Ons kyk graag met anderman se oë. Alte dikwels is dit projeksie wat 'n geweerkoper beïnvloed. 'n Geïdealiseerde siening van homself wat hom noop om iets van sekere betekenis te besit in 'n poging om homself te onderskei. (Is dit nie maar – as ons werklik al die uieskille van die ego afstroop – hoekom iemand byvoorbeeld streef na die duurste of die beste of die kragtigste nie?)

> Dit moet voel soos die ewigheid daar binne. Tydloos en somber, met die reuk van geweerolie alomteenwoordig.

Soms is dit advies wat hom 'n spesifieke wapen laat kies. 'n Advertensie miskien, of 'n vriend wat hom voorskryf, of iets wat hy êrens gelees het. Of dit kan groepsdruk wees, soos die huidige mode wat dikteer dat geen skut die goue poorte van die vuurwapenhemel sal haal as hy nie op sy knieë neerval voor die 6.5 Creedmoor nie.

So gebeur dit dat mense gewere koop wat hulle nie pas nie, wat hulle nie nut voor het nie, of waarmee hulle nie gemaklik is nie.

Maar daar kan ook 'n ander oorsaak wees vir 'n geweer wat sy dae in eensame ballingskap slyt. Swak skote.

As 'n man 'n nuwe geweer koop, veral as hy sy hand diep in sy sak moes steek en lank vir hom moes wag, is sy verwagtinge groot. En as dit dan gebeur dat die jag of die skietery waarna hy so uitgesien het op 'n onsmaaklikheid uitloop, is die teleurstelling erg. Maak nie saak of dit die geweer se fout is of nie. Ego is mos maar selde 'n regverdige regter.

Die resultaat? In plaas daarvan om die werklike probleem te soek en te probeer regstel, word die stomme skietstuk verban na die donkerste hoek van die kluis.

Aan die keersy van die munt is daar egter ook die gerespekteerde kluisenaars. Vuurwapens wat eenkant rus omdat hulle verhewe geag word bo die algemene werkers. Onder hulle tel erfstukke, verslete ou pioniers, rare kalibers en roers wat swaar dra aan sentiment. Hulle staan nie in onbruik as gevolg van minagting nie. Inteendeel, hulle word beskou as te kosbaar om sommerso te gebruik.

Ja, agter die swaar deure van ons kluise is alle gewere nie ewe nie. In die stil rye sal jy roers van wisselende status vind. Alledaagse werksgewere, geleentheidsgewere, spoggewere, spesialisgewere, en natuurlik ook kluisenaars. En soos versamelaars en winskopiejagters weet; in die geledere van die kluisenaars vind jy soms die interessantste karakters.

# Jagwinskopies

NWK RETAIL
*Welkom by die familie!*

## Promosie geldig vanaf 13 Junie tot 14 Julie 2018

### Wapens en jagtoerusting



Howa Varminter Hogue .223 Rem
**R8907.00**



Remington Mod 783 .30-06 Springf
**R7797.00**



Marlin XS7 Varmint .308 Win
**R8775.00**



Sako A7 Roughtec Range .308 Win
**R19630.00**



Howa Mod 1500 Hogue (Verskeie Kleure) .223 Rem
**R7271.00**

Howa Mod 1500 Hogue (Verskeie Kleure) 6.5 x 55
**R6417.00**



Howa Mod 1500 Nutmeg .30-06 Springf
**R9465.00**

## VUURWAPENUITVERKOPING!

**Besoek www.nwk.co.za of "like" ons Facebook-blad NWK RETAIL vir 'n volledige lys van vuurwapens op uitverkoping.**



CZ 75B 9mm Pistool
**R9128.00**



Ruger LC380 .38 Pistool
**R6739.00**



Taurus PT111 Millenium G2 Pistool
**R6190.00**

## NWK Retail-winkels

Sekere produkte slegs by geselekteerde winkels beskikbaar. Alle pryse sluit BTW in - Terwyl voorraad hou - Foto's slegs ter illustrasie - BFW

| | | | |
|---|---|---|---|
| Delareyville | 053 948 0907 | Randfontein | 010 595 4069 |
| Koster | 014 543 2016 | Zeerust | 018 642 1130 |
| Lichtenburg | 018 632 5071 | Petit | 011 965 0005/6/7 |

Ontvang al jou NWK-promosies elektronies!
Besoek www.nwk.co.za en teken in om promosies via e-pos te ontvang.

VOLG ONS OP
www.nwk.co.za

Noem jy die naam Italië, roep dit dadelik sekere beelde by mense op; Michelangelo, die Renaissance, sokker, pasta, Venesië se waterstrate, die Romeinse Ryk, Julius Caesar en natuurlik Sophia Loren.

Min Suid-Afrikaners noem Italië en vuurwapens in dieselfde asem en tog is die Italiaanse vuurwapenbedryf een van die oudstes. Dis veral in en rondom die stad Brescia in die noorde van Italië waar die wapenbedryf vir honderde jare al in bloei staan. Die Val Trompia-vallei noord van Brescia is ryk aan ystererts en dis as gevolg van dié mineraal dat daardie area van die vroegste tye af as die bakermat van wapenvervaardiging bekend gestaan het (selfs voor die tyd van vuurwapens toe mense nog net swaarde, spiese en boë gebruik het).

Bykans al Italië se grootste vuurwapenvervaardigers is vandag nog in en rondom Brescia gesetel en een daarvan is Sabatti. Hierdie maatskappy het sy oorsprong te danke aan Ludovico Sabatti wat al hier teen 1700 flint-pistole begin maak het. Die Sabatti-familie was ook goeie slotmakers, maar na die Tweede Wêreldoorlog het een van die Sabatti-agterkleinkinders, Antonio saam met Guiseppe Tanfoglio begin werk om jaggewere ook te bou. Hierdie twee se weë het rondom 1960 geskei waarna Antonio se kinders, Emanuelle, Antonio jr. en Marco, beheer van die Sabatti-besigheid oorgeneem het.

Vandag is Sabatti 'n gerespekteerde vervaardiger van jag- en skyfskietgewere en ons het onlangs die geleentheid gekry om twee van dié maatskappy se nuutste produkte te toets. Die nuwe plaaslike agent vir Sabatti is Rapala VMC wat nou ook die agent is vir Lapua-geweerdoppe en -koeëls, asook Vihtavuori-kruit.



Tactical-gewere word verskaf met 'n 25 MOA Picatinny *rail*.



Die grendelstop van naderby beskou.



Hierdie foto wys die lang grendelhandvatsel en groot grendelknop en die tweeposisie-veiligheidsknip.

# 'n Romein vir raakskiet

*Deur* KOOS BARNARD

Dié Italianers hoef nie tru te staan nie.

**HOOFFOTO:** Die Sabatti Tactical Gen 1 in 6.5x47 Lapua. Hierdie is 'n doelgeboude geweer vir skyfskiet. Ek het 'n Lynx 2.5-15x50-teleskoop daarop gemonteer.






Sabatti gebruik deesdae die sogenaamde Multi-Radial Rifling in baie van hul wapens. Die Tactical het ook hierdie tipe "groewe".





Op die boonste foto is twee groeperings wat op 100m van die skiettafel af geskiet is met 108gr Lapua-koeëls.

Die foto links toon 'n drieskoot-groepering wat op 200m vanuit die lêposisie geskiet is met 'n Harris-tweepoot as voorste rus.

**DIE TACTICAL**

Die twee gewere is die Saphire, 'n liggewig jaggeweer en die ander een Sabatti se sogenaamde Tactical-model wat vir skyfskiet bedoel is. Kom ons kyk eerste na die Tactical. Dit is 'n Generasie 1 demo-model wat ek vir myself aangeskaf het vir ghongskiet en SA Jagters se Vlaktetabel om my jaggewere se lope te spaar. Deesdae voer Rapala net die nuwer Generasie 2-gewere in. Soos ek die geweer bespreek sal ek die verskille tussen die Gen 1 en Gen 2 uitlig.

Wanneer jy na die Tactical kyk, val die skyfskiet/tactical-tipe kolf en die geweer se lang, dik loop jou dadelik op. Skyfskiet staan dwarsoor die hele geweer geskryf en veral skiet uit die lêposisie. Tel jy hom op, bevestig die gewig (5.8kg) ook dat hierdie geweer nie een is wat jy oor jou skouer sal wil gooi en begin voetslaan agter wild aan nie. Vir voorsitskiet sal dié Sabatti egter dodelik wees.

Toe Rapala VMC die Sabatti-agentskap oorgeneem het, het hulle die Tactical-gewere se spesifikasies met Sabatti gaan bespreek en gevra dat die volgende aangebring moet word: 'n 28"-loop gemaak van 416R vlekvrye staal met 'n stywer groefdraai van 1 in 8" vir die 6.5-kalibers en die .224-kalibers; 'n 1 in 8.5"-groefdraai vir die 6mm XC en 1 in 11.5" vir die .308 Win; 'n groot grendelknop; Anschütz-groef (*rail*) in die voorlaai en 'n *bag rider* agter aan die kolf ('n rus vir 'n sandsakkie).



Lance Stevens met die Sabatti Saphire (die foto is tydens HuntEx geneem). Die foto hieronder toon 'n Saphire met sintetiese kolf en een met 'n houtkolf.

Die kaliber is 6.5x47 Lapua, 'n kaliber wat uit die staanspoor ontwerp is vir skyfskiet, alhoewel jy natuurlik daarmee kan jag ook. Slimjan-ontwerpers het gevind dat jy sekere spesifikasies en ontwerp-kenmerke moet volg om 'n gebalanseerde kaliber of patroon te kry wat die beste moontlike akkuraatheid, lang looplewe, effektiewe kruitverbruik en min terugskop verseker. Daar is reeds verskeie sulke ontwerpe op die mark, dink maar aan die baie gewilde 6.5 Creedmoor. Kortliks kom die nuwe, moderne ontwerpe »








Op die foto links lê Eunia Barnard aan met die Saphire oor skietstokke en op die foto hierbo is een van die tipiese groeperings wat met die Saphire op 100m met 143gr PMP-koeëls behaal is.




Die boonste foto toon die integrale Picatinny *rail* in die aksie vir teleskoopbasisse en die onderste een die onderkant van die Saphire se magasyn. Die magasynkapasiteit is drie.



Saphire-gewere se lope word in die fabriek reeds met skroefdraad gesny vir die gebruik met 'n knaldemper.

» daarop neer dat die dop redelik kort en vet moet wees, dit 'n skerp skouer moet hê (30˚ tot 40˚) en dat die gebruik van 'n kleingeweerslagdop soms verkieslik is.

Hieraan voldoen die 6.5x47 Lapua wat slanke, skyfskietkoeëls van 108gr teen 2 950vps en 123-greiners teen 2 800vps kan lanseer. Gelaai met die regte koeëls is die klein 6.5x47 ook 'n gedugte jagkaliber wat bo sy gewigsklas kan boks.

Ander kalibers wat Rapala invoer, is die .223 Rem, .22-250 Rem, 6mm XC, .260 Rem, 6.5 Creedmoor, 7mm SAUM en .308 Win. Meer kalibers sal in die toekoms beskikbaar wees.

## DIE KOLF

Terug na die Tactical-geweer. Die swart kolf is van 'n sintetiese materiaal gemaak en is dus vog- en waterproef. Die kolf kan ewe maklik deur links- en regshandiges gebruik word. Let op na die pistoolgreep asook die verstelhare wangstuk wat aandui dat dit hoofsaaklik ontwerp is vir skyfskiet. Let ook op na die sogenaamde *bag rider* of glystaaf aan die onderkant van die kolf net voor die skopkussing. Dit is aangebring sodat die geweer maklik met sandsakkies of soortgelyke tipe russe gebruik kan word (en dis baie gewild by langafstandskuts).

Soos voorheen genoem, is die ontwerp van die kolf sodanig dat hierdie geweer as doelgebou vir langafstandskiet beskou kan word. Behalwe vir die verstelbare wangstuk kan die skopkussing ook op en af stel. Tacticals met houtkolwe is ook beskikbaar maar die skopkussing van dié modelle kan nie stel nie (teen ongeveer R2 300 ekstra kan die funksie egter aangebring word).

Met die nuwe Gen 2-gewere is daar 'n groter opsie van kolwe beskikbaar – sintetiese kolwe in olyfgroen met swart insetsels en *digital camo* asook STR-aluminiumraamkolwe. Laasgenoemde verhoog die verkoopprys van die geweer met R10 000. Die normale verkoopprys van die Tactical, soos myne, is so rondom R30 000.

## DIE LOOP

Die dik loop meet 22mm by die tromp, is 28" lank en het 'n "groefdraai" van 1 in 8". Wat die Sabatti uniek maak, is dat die loop nie die konvensionele groewe het nie, maar 'n weergawe daarvan wat bekend staan as Multi-Radial Rifling. Dit beteken dat die loop aan die binnekant eintlik seskantig is en dat hierdie seskantige vorm net soos groewe in die loop afspiraal. Dis vir baie van ons 'n vreemde konsep en jy kan amper nie glo dat dit enigsins kan werk nie. Tog is die witjas-ontwerpers dit eens dat hierdie "groefsisteem" beter werk as die ou lande-en-groewe sisteem wat



Die Sabatti Tactical-geweer se slot het twee sluitnokke voor aan die kop terwyl die dopuittrekker en -uitwerper veerbelaai is en in die slotkop aangebring is soos dit algemeen gedoen word.

ons almal ken.

Lope met Multi-Radial Rifling gee blykbaar tot soveel as 10% vinniger snelhede teenoor lope met gewone groewe, dit verbeter potensieel die akkuraatheid (omdat koeëls se mantels nie gesny word deur die groewe nie) en sulke lope maak glo ook makliker skoon omdat dié sisteem veroorsaak dat minder koper in die loop gedeponeer word (my geweer se loop maak beslis baie maklik skoon). Verder hou die lope ook langer, volgens Sabatti.

Dis baie moeilik om al hierdie aansprake van die vervaardiger te toets, tensy jy twee identiese gewere met verskillende groefstelsels oor 'n lang tydperk skiet en deeglik rekord hou en selfs dán is iets soos die hoër snelheid moeilik om te bewys. So, vir die doel van hierdie artikel moet ons volstaan by akkuraatheidstoetse – as die geweer akkuraat skiet en snelhede lewer wat binne die spesifikasies van die 6.5x47 val of effens vinniger is, kan 'n mens aanneem dat Multi-Radial Rifling nie te versmaai is nie.

Die metaaldele van die geweer is afgewerk met 'n matswart Cerakote-deklaag en die Tactical word verskaf met 'n 25 MOA Picatinny *rail* van staal vir teleskoopmontering (ingesluit by verkoopprys).

### SNELLER EN MAGASYN

Tactical-gewere het 'n verstelbare sneller en word voorsien van 'n tweeposisie-veiligheidsknip wat net agter die slothandvatsel sit. Die grendelknop is lank en groot vir maklike hantering. Net soos met Mausergewere het die Sabatti-aksie se slot twee sluitore of nokke aan die voorkant by die slotgesig. Die uittrekker is egter klein en veerbelaai soos wat algemeen op moderne gewere aangetref word en die uitwerper wat ook veerbelaai is, sit ook in die slotkop. Soos by Mauser-aksies is die Sabatti se slotstopper se knip ook links bo aan die agterkant van die aksie aangebring.

Magasynkapasiteit van my Gen 1-geweer is drie en die patrone word enkel gestapel (*single stack*). Die magasynknip is geleë in die voorkant van die snellerbeuel. Generasie 2-gewere is aangepas sodat hulle sonder enige modifikasie Accuracy International-magasynkaste kan neem waarvan die kapasiteit vyf of 10 patrone is. (Dit is dubbelstapelmagasyne.)

Om voorsiening te maak vir die tipes tweepote wat langafstandskuts graag gebruik, het die Sabatti Tactical 'n Anschütz-groef aan die onderkant van die voorlaai. Verskeie tipes tweepote se hegstukke is ontwerp om in hierdie swaelstertgroef te pas. Bandskakelknoppies (*sling swivel studs*) wat met die Anschütz-groef werk is beskikbaar – ek het een by Lance Stevens gekry.

### AKKURAATHEID

Die Sabatti Tactical is 'n mooi geweer en die afwerking is baie goed. As jy die geweer in jou hande neem, kan jy nie anders as om te wil glo dat hierdie 'n kwaliteit-produk is nie. Vir ons almal is die ware toets egter of 'n geweer akkuraat is en daarom het ek so spoedig moontlik afgesit skietbaan toe om die Tactical deur sy passies te sit.

Ek het twee dae nadat ek die lisensiekaartjie ontvang het 'n skietkompetisie van SA Jagters gehad om by te woon en het op die ingewing van die oomblik besluit om die Sabatti te gebruik vir die Vlakte-oefening (springbokteiken). Ek kon net een skietbaansessie inpas en dit was op die Vrydag voor die kompetisie. Ek het sommer 108gr Lapua Scenar-koeëls, wat ek oorspronklik vir my 6.5 Grendel aangeskaf het, gelaai. Gelukkig het ek nog 'n houer Vihtavuori N540-kruit gehad (S365 was op daardie stadium onverkrygbaar) en ek het 36.5gr gelaai wat so 1.5gr bo die aanbevole minimum is, maar nog verskeie greine onder die aanbevole maksimum. Koeëlsnelheid vier meter voor die tromp het 2 868vps gemeet en die eerste drie skote op 100m se koeëlgate het amper mekaar gesny. Ek het daarna drie skote op 200m geskiet en vyf op 300m om te sien hoe die trajek lyk en tot my vreugde gevind ek kan die afmikmerkies van my Lynx-teleskoop se SA Jagterskruishaar gebruik.

Die volgende dag het dinge nie heeltemal na my sin verloop nie, ek was nog te ongewoon aan die pistoolgreep en het soms my vinger te ver in die snellerbeuel gesit en met die middelkussinkie van my vinger geskiet in plaas van die eerste een soos ek altyd doen. Dit het veroorsaak dat ek skote getrek het. Ek was maar bek-af oor my telling van 310 uit 360 op die springbok, maar dit is darem 'n Platinumtelling volgens SA Jagters se standaarde.

Na die kompetisie het ek meer tyd met die Sabatti spandeer en ek glo ons sal beter doen op die papierspringbok in die toekoms.

Ek het weer van die 108gr-koeëls gelaai en die Swartmamba, soos hy gedoop is, het toe bevestig dat dít die doepa is waarvan hy hou. Met 36.5gr N540 skiet die geweer konstant drieskoot-groepe van 15mm en kleiner op 100m. Ek het ook 123gr Lapuas probeer, maar die Tactical is nie heeltemal so gelukkig met daardie medisyne nie. Groepe wissel van 18 tot 22mm op 100m. Ek wil in die toekoms ook 136 en 139gr Lapuas probeer. Die 108-greiners werk egter so lekker (alhoewel hulle meer windsensitief is as die swaarder koeëls) en genereer so min terugskop dat ek hulle dalk vir eers sal gebruik.



Saphires se slotte het drie sluitnokke en die dopuittrekker en -uitwerper is ook in die slotkop aangebring – beide is veerbelaai.

### MAGASYN

My klagtes oor die Sabatti Gen 1 is min, maar ek sou beslis 'n groter magasynkapasiteit wou hê (gelukkig is langer sesskootmagasyne beskikbaar). Ek sou ook verkies dat die magasyn vanself vry kom as die magasynknip ingedruk word. Tans moet ek fisies die magasyn verwyder nadat die magasynknip geaktiveer is en weens die ontwerp »

» van die magasyn is dit nogal moeilik, veral as jy 'n handskoen met volle vingers aan het. Gelukkig het die nuwe Gen 2-gewere nie hierdie probleem nie.

Oor die algemeen is ek egter baie in my skik met die Swartmamba en glo dat ons nog 'n lang en gelukkige paadjie sal stap.

**SAPHIRE**

Kom ons kyk nou na die Saphire (dit staan vir Sabatti All Purpose Hunting Italian Rifle). Hierdie geweer het 'n heel ander aksie as die Tactical- en Rover-gewere. Die aksie se romp is van aluminium gemaak en die loop word nie ingedraai nie, maar in die aksie vasgeklamp – dit kan dus maklik verwyder word deur slegs twee moere los te draai. Die slot of grendel is 'n driestuk-eenheid bestaande uit die kop, romp en die grendel-handvatsel. Daar is drie sluitnokke aan die slotkop wat verseker dat die grendel 'n baie klein rotasiehoek het as die slothandvatsel gelig word wanneer jy die geweer wil oorhaal. Let ook op dat die sluitnokke aan die slotkop en die romp van die grendel dieselfde deursnee het en dat die slothandvatsel die sogenaamde lepelvorm het. Die dopuittrekker en -uitwerper is beide veerbelaai en in die slotkop aangebring.

Soos julle kan aflei uit die foto's is daar 'n integrale Picatinny *rail* vir teleskoopmontering in die romp van die aksie gemasjineer. Oop, verstelbare visiere is standaard op die Saphire en die tromp kom klaar met 'n groefdraad gesny vir 'n knaldemper (½"-20 UNF). Kolwe van hout en sintetiese materiaal is beskikbaar, asook 'n model met 'n duimgatkolf. Ons toetsmodel het 'n houtkolf gehad wat mooi afgerond is met ruitwerk op die voorlaai en pistoolgreep en ook 'n netjiese rooi skopkussing.

Magasynkapasiteit is drie plus een en die patrone word, soos by die Tactical Gen 1, enkel gestapel. Die magasynknip is ook voor in die snellerbeuel geleë.

Saphires is beskikbaar in 12 kalibers – .243 Win; .308 Win; 7mm SAUM; 7mm-08 Rem; .270 Win; .30-06; 6.5x55; 7x57; 7x64; 8x57; 7mm Rem Mag en .300 Win Mag.

**LEKKER LIG**

Sabatti se Saphires weeg 3.3kg wat hulle lekker stapgewere maak. Ons toetsmodel was vir die .308 Win gekamer en Rapala het 'n Zeiss Conquest 6-24x50 op die geweer gemonteer.

Op die skietbaan het die Saphire net soos die Tactical sonder enige probleme gefunksioneer. Die klein rotasiehoek van die grendel maak dat jy die geweer vinnig kan oorhaal en die snellerdruk was lekker lig en sonder enige kruip.

Vir die skietbaantoets het ek sommer 'n paar 143gr PMP-koeëls voor 39.5gr S335 in PMP-doppe gelaai wat ek byderhand gehad het. Daar is geen ladingontwikkeling gedoen nie, maar die Saphire het op 100m heel gemaklik drieskoot-groeperings gelewer wat net onder 25mm gemeet het. Dit het my beïndruk.

Die Saphire hanteer baie lekker en is beslis 'n geweer wat ek nie sal omgee om te besit nie. Gewere met die sintetiese kolf verkoop teen ongeveer R16 000 in die kleinhandel en dié met houtkolwe vir R18 000.

Oor die algemeen beoordeel, is ek werklik beïndruk met die Sabatti's. Die Italianers staan beslis nie terug vir enige ander wapenvervaardiger nie. Hierdie fabrikaat is een wat ek met vrymoedigheid aanbeveel.

** Indien jy meer oor die Sabatti-gewere wil uitvind, kontak gerus vir Cuan Robinson van Rapala VMC by 011-794-6950.*



# Sabatti



SAPHIRE

**The advantages of Multi-Radial Rifling:**

MRR
Multi-Radial Rifling

- HIGHER BULLET SPEED
- IMPROVED GROUP CONCENTRATION
- REDUCED NUMBER OF FLIERS
- LESS COPPER DEPOSITS
- LESS CLEANING REQUIRED
- EASIER CLEANING WHEN NEEDED
- LESS BARREL WEAR

Rapala®

DEALER ENQUIRIES WELCOME

**Contact** Cuan Robinson at Rapala VMC:
cuan@rapalavmc.co.za | 082-652-2982

# As pa's en seuns saam jag

*Deur* GEOFF CREWE-BROWN

Dis 'n maatskappyjag met 'n verskil...

"Daar's hy!" fluister ons gids en beduie na die klompie bosse ongeveer halfpad teen die hang. Ons loer versigtig oor die hang en sien 'n pragrooibokram wat niksvermoedend staan en wei in die flou Karoo-sonnetjie. Dis 'n snerpendkoue wintersoggend en die son het net-net sy pad oor die koppies van Steytlerville gewoel.

Llewellyn haal die .270 saggies oor terwyl hy vra, "Pa, waar moet ek mik?" Die afstand is sowat 150m en ek weet hy jeuk om 'n kopskoot te skiet, maar ek sien dat die bok reg staan vir 'n veilige bladskoot (sonder 'n moontlikheid van te veel vleisskade).

"Die blad lyk reg," fluister ek en hy skuifel oor die rantjie om beter aan te lê...

**VOORBEREIDING**

Ons jagavontuur het, soos die meeste sulke ervarings, maande gelede begin toe ons 'n groep kliënte en kollegas van ons maatskappy genooi het vir ons jaarlikse jag. Dié keer het ons besluit om ons seuns ook saam te neem, min wetend dat die besluit sou lei tot meer opwinding en afwagting as ooit tevore.

Byna daagliks het ons seuns die gewere gediens, patrone getel en verkykers skoongemaak. Sommer vinnig is daar ook 'n WhatsApp-groep gestig om die groot groep van agt pa's en ses seuns op hoogte te hou van nuus en reëlings. Die skietbane in Pretoria was bedrywig, want die seuns het ons elke naweek uitgesleep daarheen om te oefen.

Ons jag jaarliks in die Karoo naby Steytlerville by Hartbees Safari's wat aan Paul Berg behoort. Hy het oor die jare heen 'n goeie vriend geword. Dit was droog, maar gelukkig het dit wel gereën voor ons koms en die veld was in 'n beter toestand as 'n paar maande tevore.

Na 'n 11 uur lange rit en effense teenspoed – 'n pap wiel en 'n sleepwaentjie se as wat opgepak het – het ons veilig op die plaas gearriveer.


**BLYPLEK**

Hartbees Safari's se luukse-akkommodasie, voorsien aan almal 'n eie kamer of rondawel. Met drie braaiplekke wat beskikbaar is kon ons ook elke aand op 'n ander plek braai en

**WENNER:**



Geoff wen die Dovetail Boxes-ammunisiekissies.
Die Dovetail Boxes-ammunisiekissies word deur Rudi En Lizelle Louw geborg.
Kontak hulle by: 083-257-4041



Johann, Dandré, Coenie en Anrich by Coenie se elandbul.



'n Pap wiel en die sleepwaentjie se as wat ingegee het, was ons teenspoed op pad jagveld toe. Daarna het alles goed verloop.



**BO:** Teikenskiet vir die eerste keer. 'n Jongman word geleer.
**HOOFFOTO:** Die yl Karooveld.



Brendan by die groot rooibokram wat hy geskiet het.



Llewellyn met sy pragtige rooibokram.



Dandré se blouwildebees.

kuier; tog bly die boma maar steeds die gunsteling-kuierplek.

Die eerste middag na die groot afpak is ons vinnig skietbaan toe om seker te maak dat al die roere nog op die regte plek skiet. Tevrede, het ons die tienerseuns gelos om nog 'n paar blikkies met die .22's te skiet terwyl ons manne 'n lafenis nuttig in die kroegarea. Daarna was dit braaityd, met Karoolamtjops op die spyskaart. Die stilte en rustigheid van die Karoonag het die sorge van die gejaagde stadslewe sommer dadelik laat wegsmelt.

**JAGPLEK**

Hartbees Safari's bestaan uit twee reusekampe (natuurlik ten volle omhein) met verstommend baie wild. Koedoes, springbokke, rooibokke, 'n blouwildebees, gemsbok en 'n eland was op die jagspyskaart. Paul is 'n tradisionele jagter wat vereis dat alle wild te voet geskiet moet word. En dit is ook so dat stap en bekruip 'n baie meer bevredigende jagervaring bied as om bloot bokke van agter op 'n bakkie te jaag en te skiet.

Die plaas het hope rante en dan ook lekker vlaktes wat beide vlakte- sowel as ruigtewild huisves. Die vlaktes vereis soms lang skote, maar die wild is redelik rustig en met geduld sal 'n jagter elke keer 'n kans kry.

Die eerste oggend was ons douvoordag wakker en met 'n stomende beker boeretroos en Ouma-beskuit is die laaste slaap weggedryf. Paul gebruik twee gidse en hyself gaan ook elke dag saam met jagters uit. Ons het in drie groepe verdeel, Danie, Jaco en hul seuns is vlaktes toe saam met Paul, met springbok op die spyskaart. Johann en Coenie en dié se seuns is agterste rante toe saam met Eben, op soek na koedoes, en ek en my seun is saam met Henco, Juan en Willem voorste rante toe op soek na rooibokke. Terug na die rooibok...

**DIE ROOIBOKRAM**

'n Groterige klip bo-op die rantjie bied 'n gemaklike dooierus waaroor Llewellyn aanlê. Die ram is steeds onbewus van ons. Maar op die laaste oomblik, net voor Llewellyn die sneller druk, beweeg 'n ooi agter die ram in en ek sien hoe hy sy vinger van die sneller afhaal. Dis koud en ek wonder of die bok die wasem wat ons asems uitblaas, kan sien. Die ooitjie het reeds daardie kenmerkende agterdogtige houding, die ore wakker gespits en die nek so half uitgerek om beter te kan sien. Ons versteen almal en mettertyd raak die troppie weer rustig.

Daar is nog ramme wat ongeveer dieselfde grootte is en ek kyk hulle een vir een deur om te sien of een van hulle nie dalk 'n beter skietkans bied nie. Hulle wei egter tussen die spekbome en dus bly die eerste ram die beste opsie. Hy is besig om verder weg van ons af te wei en die enigste oop teiken is nou 'n agter-die-kop-skoot.


"As jy 'n kopskoot kry, vat hom," fluister ek. Dis stil... en toe praat die Ruger. Die bok val in sy spore, sy bek nog vol gras.

**SPRINGBOK**

Ons span is op die bord! Tevrede klim ons weer die rant uit om die bakkie te gaan haal sodat ons die bok kan laai, maar toe ons bo kom, merk Henco 'n paar springbokramme op wat net aan die ander kant van die rant op die vlakte wei. Hulle het seker nooit die skoot gehoor nie (as gevolg van die knaldemper).

Juan val plat en lê onmiddellik aan, maar die afstand is te ver en ons besluit om nader te kruip. Van boom tot boom beweeg ons twee stadig teen die helling af terwyl die res van ons groep ons bekruipery sit en dophou (hulle het dit baie vermaaklik gevind). Boude in die lug kruip ek en Juan versigtig tot agter die laaste yl boompies vanwaar ons kan uitloer. Tot ons verligting sien ons dat die springbokke nog glad nie van ons bewus is nie.

Stilletjies en versigtig maak »





**LINKS:** Die seuns poseer soos *macho*-manne. **REGS:** Juan en sy blesbok.

SAVUTI
Wapens & Ammunisie
Tel: 011 915 0138 / Tel: 011 915 0145
Carnival Centre, East Rand
Cnr Rangeview and Lawrence Rd, Brakpan
GPS: S26°15,061 E028°18,815
info@savutiarms.co.za www.savutiarms.co.za
Savuti Arms is on Facebook.
BESTELLINGS EN AFLEWERINGS LANDWYD - POSTNET, ARAMEX, RAM & COURIER GUY
T's & C's Apply
DIE PUNTEWINKEL
Hierdie winkel is vir die herlaaier.
Ruger American + Nikon 3-12 - R9 999
RCBS Charge Master Combo - R8 000
BERGER BULLETS
REDDING RELOADING EQUIPMENT
Nosler Bullets for Sportsmen
RCBS
LEE PRECISION, INC.
SIERRA The Bulletsmiths
DENEL DENEL PMP
Hornady Accurate. Deadly. Dependable.
BARNES OPTIMIZED FOR YOUR TARGET
Swift BULLET COMPANY
LAPUA
Peregrine BULLETS
BOYDS HARDWOOD GUNSTOCKS
AT-ONE The Adjustable Gunstock
THE BULLET SHOP
This shop is for the reloader.
Gunsmith on Site
Savuti Import
Special imports available on request.
For Stock availability and pricing contact Tyron@savutiarms.co.za
Visit our page www.savutioutdooraventuregear.co.za
or Like us on Facebook www.facebook.com/savutiimports

» Juan die skietstokke oop en skuifel kniel-kniel agter die stokke in om aan te lê. Vir die tweede keer die oggend blaf die Ruger en vir die tweede keer is 'n pragram plat.

Later, by die huis, weeg ons die ramme – die springbokram slaan die skaal op 32kg met sy binnegoed uit en kop af – voorwaar 'n lekker swaar bok en tipies van die groot springbokke op Paul se plaas.

Die ander spanne het nie so 'n suksesvolle oggend nie en ons herdoop met leedvermaak die spanne sommer na die A-span (dis nou ons wat bokke aan die haak het) die B-span (die span wat nie die blesbokke op die vlakte kon raakskiet nie) en die C-span wat klaarblyklik nie kom jag het nie maar net gaan stap het deur die Karooveld.

**MEER SUKSES**

Na 'n lekker groot *brunch* gaan Johann en sy seun, Dandré saam met Paul om blouwildebeeste te soek. Spoedig hoor ons oor die radio's dat ons kan kom help laai. Op pad na die jagkamp het Johann-hulle die blouwildebeestrop naby aan die pad gewaar en vinnig afgeklim.

Alle jagters weet dat daar selde 'n maklike skoot op blouwildebeeste is en ook in hierdie geval was die blouwilles knaend voor mekaar. Uiteindelik, na baie kere se aanlê, kry Dandré 'n oop skoot en boonop 'n mooi bladskoot. 'n Blouwildebees is mos 'n taai dier en dié ene het berg-op gehol om hoog tussen ruie spekbome te gaan staan. Johann en Paul moes die bloedspoor volg en die bul met 'n kopskoot van kant maak. Dit was beslis 'n reusetaak om die groot bul deur die ruigtes af te dra, maar met almal se hulp het ons uiteindelik geslaag.

Die C-span was ook nou op die bord. Later die middag het Danie en Jaco 'n blesbok ingebring, al drie die spanne was dus aan die gang. Oor die volgende twee dae het die weer warmer geword en die jag meer suksesvol. Henco het 'n jong rooibokram en springbokram platgetrek, Danie 'n pragtige gemsbok en Johann kon 'n groot rooibokooi in die rante skiet.

Brendan, Danie se seun, het 'n groot rooibok bekruip en geskiet nadat sy pa gefluit het om die bok te laat stop. Nog 'n paar blesbokke was plat en Jaco kon 'n alleenloperkoedoebul lêmaak. Coenie se seun, Anrich het uiteindelik ook met 'n reusespringbok teruggekom uit die veld.

Paul Berg het beslis 'n slag met kinders – hy maak hulle baie rustig en gemaklik voordat hulle skiet. Sy eie seun, Ferdi is ook 'n behendige jagter wat baie lekker by die klomp seuns inpas. Die seuns het na elke dag se jag rugby gespeel, springhase gejaag of teiken geskiet met die .22's. Dat daar nie sein op die plaas is nie, help beslis om die manne van hulle fone af te kry. Selfs die TV met DStv-kanale het min aandag gekry.

**LAASTE KANS**

Coenie het op die laaste oggend van die jag weer probeer om sy eland te skiet. Hy het gedurende die vorige paar dae wel kanse gehad, maar dit is telkens op die laaste oomblik belemmer. Ons het almal saamgespan om hom te help, en teen laatmiddag was daar 'n mooi trop met 'n paar groot bulle naby aan hom. Die vraag is mos, "Waar skiet jy 'n eland?" en die antwoord is altyd, "In die pad!" Nou ja, Coenie het nie daardie raad gevolg nie, maar dit was darem in die vlakte waar die bul geval het en ons kon die Land Cruiser gelukkig tot naby kry. 'n Eland laai nie so maklik soos 'n springbok nie, maar met baie gewillige hande het hy uiteindelik op die Cruiser gekom.

Ons het ons jag op 'n hoogtepunt afgesluit. Die seuns het 'n onvergeetlike ervaring gehad, almal het dit geniet en langs my lê 'n bakkie met biltong en droëwors... In my geestesoog sien ek die *lodge*, die vlaktes en die klowe. Ek sien ook daardie reusekoedoebul waarop ek aangelê het, maar nie kon skiet nie omdat hy net té mooi was.

Volgende jaar sal die jonger bul wat saam met hom geloop het dalk ook so groot en trots wees en sal ek weer 'n kans kry om 'n Karookoedoe op my kerfstok te kry.

**WUHLF EQUIPMENT (PTY) LTD**

*Nota: Alle pryse is BTW en AFLEWERING UITGESLUIT en is onderhewig aan verandering*

**Hoofkantoor:**
76 Haakdoornlaagte
Wallmannsthal, Pretoria
N1-Noord-hoofweg
Wallmannsthal-afrit
Koördinate:
25 34'36.0"S 28 27'16.0"E

**Kantoor:**
+27 (0) 12 548 0321

**Webtuiste:**
www.wuhlf.co.za

**Verkope:**
Coert Steenberg
+27 (0) 84 247 0804
coert@wuhlf.co.za

**Diensagente:**
Oos-Londen
Hopetown
Bothaville
Ermelo
Underberg (KZN)
Polokwane
Vryburg
Kaapstad
Bloemfontein

## LAAIGRAWE

| | | |
|---|---|---|
| WL922 Vlakvark | 0.5 m³ | R 195 000 |
| ML18 Buffel | 0.9 m³ | R 280 000 |
| WL933 Eland | 1.4 m³ | R 430 000 |
| CL935 Renoster | 1.7 m³ | R 570 000 |
| CL958 Olifant | 3.0 m³ | R 890 000 |

## SPESIALE AANBOD!!

ML08 Mini-Laaigraaf 0.5 m³

Was R 160 000

Nou R 129 000

Aanbod geldig op huidige beskikbare voorraad



Pryse is BTW uitg.

## VURKHYSERS

ATF920 Meerkat 4x4
3m Mas 2.0ton
R 230 000



ATFCD920 Meerkat 4x4
4m Mas 2.0ton
R 240 000

Pryse is BTW uitg.

## TLB

Skerpioen TLB 42kw
R 415 000



Pryse is BTW uitg.

## MULCHERS

ZA Buffel Drum Mulcher R 690 000
*Soliede bande nie ingesluit

ZA Buffel Blade Mulcher R 725 000
*Soliede bande nie ingesluit



Pryse is BTW uitg.

## BYBEHORE

Pryse is BTW uitg.



Snykop
R 41 000



Baalvurk
R 15 000



Vurkhyser-laaibak
R 25 000



Loggrip
R 105 000



Vurkhyser-aanhegsel vanaf
R 15 500

# Die 9.3's – handige medium-kalibers




Ammunisie vir die 9.3x72R word soms deur sekere Europese vervaardigers soos RWS van Duitsland vervaardig. Vandag is dit net Sellier & Bellot wat dit nog vervaardig.

*Deur* JOHAN VAN WYK

Met 'n 9.3 in jou hand is jy reg vir Afrika.

My eerste kennismaking met 'n 9.3mm-kaliber was in die vroeë 1980's toe my pa 'n gebruikte B-Tipe Oberndorf Mauser in 9.3x62 by iemand in Pietersburg (vandag Polokwane) gekoop het. Uiteraard was ek as geweermal-seuntjie baie opgewonde oor dié aankoop, maar die omstandighede waaronder die geweer aangeskaf is, is in retrospek ook nogal interessant.

Ons het die verkoper by sy werksplek ontmoet om die nodige papierwerk te doen – 'n aansoekvorm en 'n handgeskrewe toestemmingsbrief aan my pa om die geweer te kon stoor. (Destyds was dié informele manier wettig). Hierna het ons na die verkoper se huis gery om die geweer te gaan haal – sonder die verkoper. Hy het doodluiters beduie in watter hangkas in sy huis sy gewere gestoor word en ons was welkom om die geweer op ons eie te gaan haal, aangesien sy huis nie gesluit was nie!

Alhoewel die vorige eienaar die geweer baie gebruik het, was dit steeds in 'n goeie diensbare kondisie. My pa het oor die volgende paar jaar heelwat wild met dié Mauser geskiet, insluitende 'n seekoei in die Lundirivier in Zimbabwe. Wat ek ook op hierdie stadium geweet het, is dat my pa se goeie vriend, Gerrie Minnaar, vir baie jare 'n beesboer van Tsholotsho (noord van Bulawayo), ook 'n stoere 9.3x62-man was wat deur die jare heen dosyne leeus, buffels en ander diere met sy getroue FN 9.3 gejag het. My pa se stories van sy jagte saam met Gerrie Minnaar was genoeg aansporing om my te oortuig dat ek ook eendag 'n 9.3 sal moet besit. Maar die storie van my eie 9.3 sal eers tot later moet wag.

### 9.3X62-GESKIEDENIS

Die 9.3x62 is deur 'n Berlynse geweersmid, Otto Bock, in 1905 bekendgestel. Verskeie bronne maak melding van die feit dat Herr Bock die 9.3x62 spesifiek vir setlaars in Duitsland se destydse Afrika-kolonies soos Tanganjika ontwikkel het, maar of dit wel so was weet ek nie. Wat soos 'n paal bo water staan, is dat die Mauser-fabriek die 9.3x62 feitlik onmiddellik aangeneem het en bekostigbare en betroubare gewere begin uitvoer het na al die uithoeke van die aarde waar destyds grootwild gejag is. Ammunisie was ook beskikbaar, nie net van Duitse bronne nie, maar ook van Brittanje waar dit deur Imperial Chemical Industries (Kynoch) gelaai is.

Ballisties is die 9.3x62 nie noodwendig die vuurwarm




Die drie populêrste 9.3mm-kalibers vandag is, van links na regs, die 9.3x62 Mauser, 9.3x74R en 9.3x64 Brenneke. Die 9.3x74R word hoofsaaklik in dubbel-, enkelskoot- en kombinasiegewere gebruik.




Van die Britse 9.3mm-kalibers wat in die verlede gebruik was, sluit die .360 Rook, .400/360 NE en die .360 Nr 2 NE in. Gewere vir al hierdie kalibers is vandag versamelaarsitems en fabrieksammunisie is reeds vir baie jare nie meer beskikbaar nie.



'n Duits-vervaardigde *drilling* (drieloop) deur Burgsmüller met twee 16 boorhaellope bo en 'n enkel 9.3x74R-loop onder.Gewere soos hierdie was baie populêr in Duitsland en Oostenryk in die jare voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog.

nommer wat 'n mens sou verwag van so 'n legendariese kaliber nie. Die brood-en-botterlading vir dié kaliber was nog altyd 'n 286gr-koeël teen 'n geadverteerde 2 360vps wat ongeveer 3 500vt/lb se energie ontwikkel. Met die oog op gevaarlike wild is ammunisie ook gelaai met volmantelkoeëls *(solids)*, ten einde voldoende penetrasie op diere soos olifante te verseker. Mettertyd het ammunisie met ligter en swaarder koeëls beskikbaar geword, maar dit was die 286gr-koeël wat Herr Bock se uitvinding se reputasie gevestig het. Die relatief lae trompsnelheid het goeie koeëlprestasie verseker met die destydse loodkernkoeëls. Die terugskop was ook heeltemal aanvaarbaar.

Met die 9.3x62 se wye blootstelling is dit vanselfsprekend dat die kaliber van die begin af op groot- en kleinwild gebruik sou word. Op diere soos buffels en olifante het jagters gou uitgevind dat die 9.3x62 voldoende slaankrag het as die skut sy deel doen en die koeël op die regte plek plaas. Ook die feit dat vyf van die slanke 9.3-patrone in 'n standaard Mauser-magasyn kon inpas, het in die kaliber se guns getel.

'n Vriend van my het in die 1990's in Mosambiek 'n man ontmoet wat 'n storie vertel het van hoe hy sy eie lewe gered het met 'n 9.3x62 toe 'n trop leeus hom wou opvreet. Die feit dat hy vyf patrone in die magasyn gehad het, plus een in die kamer, was die deurslaggewende faktor want hy het al die patrone nodig gehad om die leeus te skiet.

Behalwe Mauser, het Europese vervaardigers soos Brno, Fabrique Nationale, Mannlicher en Husqvarna ook groot getalle gewere in 9.3x62 vervaardig. Dit is versprei in Afrika en gedeeltes van Asië in die era tot en met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog. Die 9.3x62 het dus voortgeleef op 'n reputasie van betroubaarheid en bekostigbaarheid, faktore wat selfs vandag nog vir skuts baie tel.

## NITRO-OORSPRONG

Alhoewel die 9.3x62 by verre die mees populêre 9.3mm-kaliber was, was dit egter nie die enigste of die eerste 9.3 nie. Die oorsprong van die 9.3mm-kalibers kan in der waarheid na Engeland teruggespoor word. Die Britte het tussen 1875 en 1880 'n hele spul bekendgestel vir gebruik in enkelskootgewere. Van hierdie kalibers was redelik aan die flou kant en bestem vir gebruik in sogenaamde *rook rifles* – ligte, klein geweertjies bedoel vir ongediertes en kleinwild soos hase.

Toe die nitro-era aanbreek, het Purdey en Westley Richards elk weergawes van die .400/360 bekendgestel maar die ballistiek was weereens niks om oor huis toe te skryf nie: 'n 300 of 314gr-koeël teen 1 900vps. In dieselfde jaar wat die 9.3x62 bekendgestel is, het die .360 Nr 2 Nitro Express ook die lig gesien, maar hierdie was 'n perd van 'n ander kleur. Die .360 Nr 2 het gebruik gemaak van 'n afgenekte .450/400 NE-dop en het 'n 320gr-koeël teen 2 200vps geskiet, danksy 'n lading van 55gr kordiet.

Uiteraard het die 320gr, 9.3-koeël uitstekende seksionele digtheid gehad en alhoewel die kaliber maar altyd redelik skaars was, het die .360 Nr 2 'n uitstekende reputasie in die jagveld opgebou omdat dit goed gevaar het op omtrent alle soorte wild. 'n Kennis in Australië wat vir baie jare waterbuffels uitgedun het, het letterlik honderde van hulle geskiet met 'n .360 Nr 2 Manton dubbel, gelaai met die uitstekende Woodleigh-koeëls. Hy het net lof vir dié kaliber.

## DIE R-KALIBER

Die 9.3mm het ook aan die ander kant van die kanaal aanklank gevind en die 9.3x72R is bekendgestel in 1890. Hierdie kaliber se dop het 'n rand of rim. Soos die "R" in die kaliber se benaming aandui, is dit vervaardig vir dubbel- en kombinasiegewere. Ballisties was die 9.3x72R (en van sy ander karperde soos die feitlik onbekende 9.3x70R, 9.3x80R en nog so 'n paar ander stiefkinders) egter redelik gekniehalter. Die vernaamste koeëlkeuse was 'n 192-greiner teen 'n besadigde 2 000vps, wat meer bedoel was vir kleiner wild in die Duitse woude as Afrika se groter en taaier diere.

Die 9.3x72R is baie gebruik in sogenaamde *drillings*, wat meestal twee 12 of 16 boor-lope gehad het met 'n geweerloop onder. Omdat dit 'n baie slanke patroon is, kon die geweerloop redelik dun afgevyl word om sodoende gewig te spaar. Alhoewel 'n redelike klompie 9.3x72R-gewere vervaardig is, het dié kaliber vir alle praktiese redes na die Tweede Wêreldoorlog in onbruik geraak. Na wat ek kon vasstel, is dit net Sellier & Bellot in die Tsjeggiese Republiek wat vandag nog 9.3x72R-ammunisie vervaardig.

Die 9.3x72R is in 1900 deur die 9.3x74R opgevolg. Die 9.3x74R was insgelyks bedoel vir gebruik in dubbel- en kombinasiegewere, maar dit was ballisties identies aan die 9.3x62. Die 9.3x74R is tot vandag 'n populêre kaliber en bykans al die Europese vervaardigers van dubbelgewere, goedkoop of duur, bou gewere in dié kaliber. Selfs Ruger het vir 'n tyd hulle No 1-enkelskootgeweer in 9.3x74R vervaardig, maar dit blyk tans iets van die verlede te wees.

Een van die 9.3x74R se grootste voordele is dat die lang, slanke patroon hom daartoe leen dat gewere in hierdie kaliber lekker lig gemaak kan word. Die resultaat is dat baie jagters die 9.3x74R gebruik op gevaarlike wild juis omdat dit in lekker ligte en handige dubbelgewere (wat in baie gevalle met teleskope toegerus is) beskikbaar is. Soos genoem, kan alles wat oor die 9.3x62 gesê word net so oor die 9.3x74R herhaal word, aangesien hulle, ballisties gesproke, voëls van eenderse vere is. Verskeie vervaardigers, onder wie Hornady in die VSA, maak 9.3x74R-ammunisie. »





**FOTO BO EN REGS:** Die skrywer se pa, Barry van Wyk, met 'n seekoei wat met 'n B-Tipe Oberndorf Mauser in 9.3x62 geskiet is. Die jaar was 1981 en die Rhodesiese bosoorlog was nog vars in die geheue, vandaar die alternatiewe bewapening in die vorm van 'n 7.62mm FN-FAL in die spoorsnyer se hande.

**» ANDER 9.3'S**

In Skandinawië het die 9.3x57 in vroeë jare 'n mate van gewildheid bereik. Dit is ontwikkel deur die 8x57-dop op te nek na 9.3mm toe en die laaste verwysing wat ek kon vind wat Norma-fabrieksammunisie aanbetref, dui aan dat dit 'n 286gr-koeël teen 'n beskeie 2 065vps gelanseer het. 'n Mens loop jou van tyd tot tyd in Husqvarna 9.3x57's vas wat op M95 Mauser-aksies vervaardig is. Dis nie 'n goeie idee om hierdie ouer Mauser-gewere na 9.3x62 te laat herkamer nie, aangesien die ouer aksies nie die drukvlakke van moderne 9.3x62-ammunisie kan hanteer nie. Norma laai nog soms ammunisie vir die 9.3x57 en doppe is ook beskikbaar, so alhoewel die kaliber se vuur vir alle praktiese redes dood is, is daar nog lewe in 'n kooltjie of twee.

Die 9.3x64 Brenneke is 'n goeie bewys dat die lewe nie aldag regverdig is nie. Soos die kaliber se naam aandui, is dié uitstekende kaliber deur Wilhelm Brenneke ontwikkel, in alle waarskynlikheid as kompetisie vir die .375 H&H Magnum. Brenneke het hom uitstekend van sy taak gekwyt en die 9.3x64 is ballisties 'n swaargewig. Fabrieksammunisie was beskikbaar in 'n hele rits koeëlgewigte, van 232gr teen 'n stewige 2 770vps tot 293gr teen 'n ewe indrukwekkende 2 570vps. Die 9.3x64 is ook ontwerp om goed deur 'n standaard-lengte M98 Mauser-aksie te funksioneer en benewens Brenneke self, het selfs Mauser klein hoeveelhede gewere in 9.3x64 gekamer.

So 'n goeie idee soos wat die 9.3x64 was, het die kaliber histories egter nooit kommersieel naastenby so populêr soos die 9.3x62 geword nie. Nóg ammunisie, nóg gewere vir die Brenneke was vrylik beskikbaar en om dinge te vererger, het die ammunisievervaardigers 9.3x64-ammunisie gelaai met koeëls wat ontwerp is om teen snelhede van 2 400vps of stadiger te funksioneer. Die resultaat was dat die 9.3x64 histories 'n onverdiende swak reputasie in die jagveld opgebou het as gevolg van swak koeëlprestasie. Ongelukkig het hierdie toestand nie verbeter tot redelik onlangs nie en selfs ammunisie wat in die 1980's gelaai is deur RWS in Duitsland, was steeds nie heeltemal mans genoeg om die 9.3x64 sy verdiende plek langs die .375 H&H te gee nie.

Vandag is die situasie uiteraard baie anders en die herlaaier kan met behulp van verskeie premiumkoeëls op die mark die warm Brenneke-swaarkaliber se sterretjie baie helder laat skyn. Een verwysing na die 9.3x64, wat ek raakgelees het noem dié kaliber *"hell on wheels"* as dit met die regte koeëls gelaai word. So, dat die 9.3x64 beter verdien en tot uitstekende prestasie in staat is, is nie altemit nie.


In 'n verrassende skuif het die Finse vervaardiger, Sako in 2003 die 9.3x66 (oftewel .370 Sako Magnum) bekendgestel. Dit was om die beweerde ballistiese gaping tussen die 9.3x62 en 9.3x64 te vul. Alhoewel dit 'n goeie idee op papier was, het probleme ontstaan toe dit geblyk het dat die aanvanklik geadverteerde ballistiese gegewens van die nuwe kaliber ietwat optimisties was en afwaarts aangepas moes word. Die 9.3x66 bly egter 'n baie handige kaliber en dit is al met groot vrug op alles tot en met olifante gebruik. Ammunisie in Suid-Afrika is egter skaars en duur en alhoewel ek 'n paar 9.3x66-eienaars ken, moet ek bieg dat ek nog nooit 'n nuwe geweer in hierdie kaliber op die rakke gesien het nie. Dis steeds net Sako wat nog gewere in 9.3x66 vervaardig.

**BAIE GEWILD**

Na alles gesê en gedoen is, is dit egter steeds die 9.3x62 wat kop en skouers bo die ander karperde in die 9.3mm-stal uitstaan. Alhoewel die kaliber se populariteit in die laat 1970's en vroeg 1980's afgeneem het, was die 9.3x62 teen die begin van die 1990's weer baie gewild en het meer en meer vervaardigers weer gewere en ammunisie begin vervaardig vir Otto Bock se staatmaker.

In Suid-Afrika geniet die 9.3x62 feitlik legendariese status, tot so 'n mate dat ek al gewonder het of die mense wat dié kaliber se lof besing, die vermoë verloor het om ballistiese tabelle te ontleed of selfs net helder te kan dink. Ek is die eerste een wat sal erken dat die 9.3x62 'n uitstekende kaliber is, maar soos met alles in die lewe, het dié kaliber sy beperkinge. Ek moes eendag luister hoe 'n oom my vertel dat my .375 "Holland" maar 'n redelike krom trajek het maar dat sy 9.3x62 se koeël "weer begin optel" na 200 meter! Ek wonder wat Isaac Newton hiervan sou gedink het! 'n Ander verstommende ding wat ek oor die 9.3 moes aanhoor, was die dag toe 'n bekende professionele jagter van Zimbabwe vertel het dat sy 9.3, gelaai met 'n bepaalde *solid*, 'n groter wondkanaal maak deur 'n olifant as 'n .500 NE. Jammer, maar 'n koeël met 'n deursnee van .366" sal net nooit gelyk wees aan een met 'n deursnee van .510" nie!

Onsin praat ter syde, die 9.3mm-familie bestaan uit 'n paar interessante en hoogs bruikbare lede wat baie diep spore in Afrika getrap het. Desnieteenstaande terugslae en oorloë, is hulle steeds met ons – net té goed om te verdwyn.




Thanks to its powerful laser rangefinder the new Leica Geovid HD-3000 features a measuring capability of up to 3,000 yards (2,750 metres). In combination with its innovative ballistic system ABC® it includes temperature, barometric pressure and angle into the calculation of the correct point of aim. A microSD memory card allows for the input of the exact ballistic data into the Geovid HD-B and thus ensures maximum precision in every hunting situation.

25 YEARS LEICA RANGE FINDING

**Leica Facebook:** facebook.com/LeicaSportsOpticsSA/

**Tudortech**
4th Floor | Park on Long | 66 Long Street | Cape Town | 8001 | South Africa

**Ian Hardie | Sales Manager**
Office: 021 424 2978 | Mobile: 082 894 1528 |
E-mail: ianh@tudortech.co.za

# Bowhunting – that first time

*By* DANIE GEEL

The essentials novice bowhunters should keep in mind...



My first animal with a bow and arrow 11 years ago – a day I will always remember.

I have been hunting with bows for 11 years now and want to share some of my experiences with prospective bow hunters and give them some tips.

After buying a bow, get the help of professionals to set it up and tune it properly – the helpful people at the archery pro shop will assist you. Never, ever try hunting with a bow that is not properly tuned.

Your next step will be to learn to shoot your bow. Again, get professionals to help you. The right stance and form are very important. From the start you need to get this right, because bad habits creep in sooner than you can say 'hunt'.

Once your form is correct, practice regularly (every day). Some people say that you should only shoot at game from distances at which you can hit a tennis ball-size target. This is a good guideline that I still use today.

When practicing, use full-colour, life-size targets of the animals you intend to hunt. Such targets are freely available and they have the vitals drawn on them (usually faint red lines that are not visible from normal shooting distances). These targets are very good training aids, they will teach you where the vitals are and help you to identify the correct spot to aim for.

**ARROWHEADS**

Remember that you will use arrows fitted with the so-called field points for practice and broadheads (arrowheads with cutting edges) to hunt with. It is important to ensure that the



field points and broadheads shoot to the same point of aim, otherwise you will need to constantly tune/zero your bow before a hunt. Mechanical broadheads (ones where the cutting edges fold open as the arrow strikes the target) normally shoot to the same point of aim as field points. I still regularly make sure before a hunt that my field points and broadheads shoot to the same point of aim. Fixed blade broadheads are a different story – not all of them will shoot to the same point of aim as the field points. Ask your archery pro shop for assistance.

In the past I never used fixed blade broadheads because they are difficult to tune but I have changed my mind and have hunted the majority of the last 20 animals with fixed blades. The OZ-CUT broadhead from Australia proved itself on multiple occasions and is now a part of my setup. It is very easy to tune them and they are tough as nails. I have used the same broadhead on five different animals, sharpening the blades after every use.

**FIRST HUNT**

When you are ready to hunt choose your first animal wisely. Women and youngsters are not capable of shooting powerful bows with high poundage draw weights. Although you can successfully shoot animals in the blue wildebeest class with a 50lbs bow (I have done it) rather settle for something smaller and less tough when you shoot your first animal.

Impalas and warthogs are favourites because they are affordable but many are wounded by first timers because these animals are very quick to react to any suspicious sound and often manage to “string jump” an arrow. (When they hear the sound of the bow string as the arrow is being released, they jump away, resulting in a badly placed arrow.) I have seen on numerous occasions how these animals can move five to eight inches before the arrow hits, even with a superfast setup at distances under 20 yards. Therefore my recommendation is that your first quarry should be a blesbuck or a kudu cow.

Another important aspect is to make sure that you don’t forget any of the essentials at home. I normally make a list before I start packing to ensure that I do not leave something behind.

Double check all the items that you intend to take with. Your bow trigger is something you will probably forget somewhere in the future whether at the lodge or even worse, at home. And without it, your »



A heavy setup is not necessarily needed when hunting big game. I shot this blue wildebeest bull with a bow set at 50 pounds. In the end shot placement is what counts.



A very nice blesbuck ram I hunted with my good friend Reino van Aswegen at Ngala Kulala Safaris. In my opinion a blesbuck is the best animal for a first-time bowhunter.



I decided recently to try out fixed blade broadheads. I used an OZ-CUT broadhead on this gemsbuck bull, which resulted in a full pass-through. I will be able to use this broadhead again after sharpening it.

» hunt is basically over. Make sure that your broadheads are properly secured in your bow case and that the blades are nowhere near the bow string.

**ESSENTIALS**

Here is a summary of the items I believe you cannot go without:

- A broadhead butt (some farms do not have any butts)
- Binoculars and a rangefinder
- Skinning knife (make sure it is sharp)
- Wind indicator
- Facemask and gloves
- Beanie
- A backup trigger
- Measuring kit
- Leafy suit
- Flashlight

Make sure that your cameras' batteries are charged before you leave, this way you will not have to remember to do it when you get to your destination. Always take a spare battery and the chargers anyway.

After arriving at the game farm, make sure what animals are on the hunting list. Never assume that you may shoot so-called pest animals such as baboons, jackals, snakes or game birds. I know people who have done that, only to be severely penalised by the farmer for shooting something which they were not allowed to.

Most farmers will ask you to shoot a few arrows to check your bow's sights (zero). If they don't, do it anyway. Just like with rifles, it is necessary to check your bow and shoot a few arrows. It boosts confidence and will warn you if anything has gone wrong since your last practice session at home.

**HOW TO HUNT**

To many people walk and stalk is the only way to hunt. However, I would not recommend that for the novice bow hunter, unless he or she is an experienced and accomplished stalker – remember that you need to get within 25m or so of an animal. Rather use the hide or tree stand that the farmer offers. I know ambushing game in a hide or tree stand is a controversial hunting method but I believe it is the most ethical way for a novice to start his bow hunting career. It is extremely difficult to stalk within 25m of an animal. You will be nervous and probably tired. The animal might spot you and you might rush the shot, resulting in wounding the animal.

I strive to be successful on foot and over the years have hunted 22 species on foot with my bow and arrow. But, and this is a big but, I also approve the use of blinds and tree stands as an ethical way to hunt game. My dad for example will probably never shoot an animal on foot with his bow. He is an experienced hunter and have hunted for more than 25 years with a rifle but he doesn't get the time to practice enough with his bow to be a lethal hunter and to make an ethical shot on a walk and stalk hunt. And secondly he enjoys the calmness and quietness of sitting in a blind after a hectic week in the city.

**THE BLIND**

To get back to my original story, the farmer dropped you off at a hide or tree stand and now the long wait begins. I always draw my bow in the hide to make sure that I am comfortable with each of the shooting windows. Make sure that the bow's cams are not too close to the hide's roof when you are at full draw. If you shoot and the cam hits the roof your bow will explode in your hands. In elevated blinds, make sure that you have enough arrow clearance, many hunters have hit the bottom (sill) of the shooting window. You will probably miss the animal and you are guaranteed to have a big fright.

Inspect the blind carefully before getting inside – make sure there aren't any snakes to welcome you. I have spent a whole morning with a Mozambique spitting cobra in a hide without knowing it. When I finally noticed the snake, it was too late to escape and he spat at me twice. I got away OK, but it was a terrifying experience.



I love using a tree stand when I hunt with my bows.

Take extra care to be as quiet as possible. Be very careful because grey loeries, guinea-fowl (AKA – police chickens) and baboons, are extremely alert and will definitely warn other game of your presence.

When your intended quarry is within range, wait until it is standing completely broadside or even better, quartering away slightly. Take a few deep breaths and don't draw your bow before you are 100% ready. Double check for animals standing behind your target. Draw the bow, aim, squeeze the trigger and follow through properly. I have seen too many people mess up the shot because they lifted their heads on releasing the string to see whether the arrow has hit the animal. My recommendation is to take a friend with a video camera along. He must record when you shoot. You can then watch the footage quickly to see whether the arrow has struck in the right place and you will have a record of the moment that you can enjoy for many years to come.

**PRIDE AND PASSION**

Enjoy every moment of that first hunt because it will probably be the fuel for your bowhunting passion for the rest of your life.

Congratulations, you are now a bowhunter! You can be proud of this achievement even if you used a hide or tree stand on your first few animals. My first animal was a beautiful grey duiker, taken from the back of a bakkie when I was in my early teens. Sharing that moment with my best friend (my dad) is something I will not forget as long as I live. Even though it will be 11 years ago this July (the 2nd of July to be precise) I can still remember how proud I felt that day.

Yes, the ultimate hunt in my opinion is a successful hunt on foot with my bow, but for a novice it will most likely be a frustration. Take your time and master the art of shooting an animal from a hide or tree stand. Then, as you progress and your confidence grows, take up walk and stalk hunting.

Bowhunting will change the way you look at hunting with a rifle. I still hunt with a rifle but give me my bow any day of the week and I'm happy.

I am planning future articles about my experiences and the lessons I have learnt while bowhunting on foot.

# When simplicity enables shooting success.

## ZEISS Conquest V4






ZEISS Conquest V4

**High-quality optics for even the harshest conditions:**

No compromises in quality and robustness: the high-performance riflescopes of the Conquest V4 line unite the proven ZEISS optical concept with robust construction and functional design. These scopes set a new standard in their class with a 4× zoom range and a ballistic turret on long range models.

Tel: (011) 886 9510 · craig.smith@zeiss.com · follow us on facebook

ZEISS





Bandskuurders (links) en die bekende Lansky-slypstelle (bo) is gewilde produkte waarmee mense messe slyp. Wees net versigtig wanneer jy 'n bandskuurder gebruik, want as jy dit verkeerd gebruik kan dit baie van die lem se staal wegslyp. Vir sommige tipes slypwerk neem die Lansky-tipe slypers weer te lank.

# Skerp messe

*Deur* ANDRÉ ERASMUS

'n Praktiese oplossing wat verseker dat jou messe skerp sal bly in die jagveld...

Stomp messe is 'n frustrasie en 'n gevaar vir enigiemand wat daarmee werk, en nog meer so vir 'n jagter wat deur taai vel, senings en vleis moet sny. Sodra 'n mens krag moet gebruik om te sny, word die kans dat die mes gaan gly en iemand gaan seerkry, al hoe groter. Ek het 'n bietjie by Jaco de Kock, meestermesmaker van NW Knives & Supplies in Klerksdorp, gaan kers opsteek oor hoe om messe skerp te maak.

Daar is 'n verskeidenheid masjiene, stene en "goeters" op die mark, maar die doel van die artikel is nie om daardie toestelle te evalueer nie. 'n Mens moet net wegbly van die goedkoop goeters met staalwieletjies wat stroke staal uit meslemme krap en dit beskadig.

Ons mesmakers gebruik groot bandskuurders om die messe wat ons maak op fyn 800gr-skuurbande te slyp. Die belde skuur staal aan weerskante van die lem weg, totdat daar 'n braam sigbaar is. Die braam ontstaan wanneer die staal so dun is, dat dit wegbuig van die skuurband af en nie afgeskuur word nie. Die maklike manier om die braam te verwyder, is om dit op 'n poleerder (*buff*) af te poets, of om dit op 'n leerband te strop. Nie almal beskik oor sulke skuurmasjiene nie en jou messe sal ook nie lank hou as jy dit elke keer as dit begin stomp raak, op so 'n masjien slyp nie.

Die antwoord waarna ons soek, is 'n praktiese oplossing wat sal verseker dat jou messe skerp bly as jy in die jagveld is, sonder dat jy die hele werkswinkel saam hoef te karwei. Voor ons egter daar kan uitkom, moet ons eers 'n paar ander faktore in ag neem, soos die hoek waarteen ons slyp, die materiaal wat ons wil skerp maak, en die materiaal wat ons wil sny.


## SLYPHOEK

Volgens Jaco is die ideale hoek waarteen kombuismesse geslyp word sowat 17 tot 20 grade, jagmesse teen 20 tot 25 grade en 25+ grade vir kapmesse en byle. Hierdie hoeke bied die ideale kombinasie van minimum weerstand teen die materiaal wat gesny word en die langdurigheid van die snyvlak. 'n Kombuismes met 'n 25 grade-hoek gaan die tamaties plat druk voordat dit deurgesny is en 'n kapmes met 'n 17 grade-hoek se snyvlak gaan sommer met die eerste kaphou uitbreek. Wanneer jy 'n jagmes slyp wat deur taai vel, senings en vleis moet sny, moet jy die goeie middeweg volg tussen die twee ekstreme hoeke vir kombuismesse en kapmesse.

Byna enige rigiede materiaal kan skerpgemaak word, soos wat menige kantoorwerker kan getuig wat al daardie irriterende papiersnye opgedoen het. Insgelyks kan messe met lemme van goedkoop staal net so skerp gemaak word soos messe waarvan die lemme van hoëkwaliteitstaal gemaak is. Die verskil kom ter sprake by hoe lank die messe skerp gaan bly.

## HARDHEID

Die hardheid van messtaal word gemeet op Rockwell se C-skaal (Rc) deur 'n masjien wat 'n skerppuntdiamant in die staal inslaan met die krag gelykstaande aan 'n 150kg-gewig. Met goeie messtaal (soos N690 vir 'n jagmes) mik ons gewoonlik na 'n hardheid van 58Rc wat beteken dat die snyvlak lank sal hou, maar ook redelik maklik in die veld skerp gemaak kan word. Poeierstaal soos RWL »


FORMALITO
ARMS • AMMUNITION • OUTDOOR
828 U
THE OVER&UNDER
Unique
shooting experience
Lightness, comfort, stability and versatility:
this is the 828 U.
benelli.it
Benelli

YOUR FAMILY IS MOST VULNERABLE WHEN YOU ARE AWAY

CRIME SCENE DO NOT CROSS

Firearm Licence Applications and Appeals for self-defence.

Extensive experience with any matters relating to firearms including

- Criminal matters;
- Self-protection shooting incidents;
- Lost or stolen firearms;
- Inherited firearms

MJ Hood & Associates
ATTORNEYS

Tel: +27 (0)11 234 7520

martin@mjhood.co.za
www.mjhood.co.za




Om die mes se snykant finaal af te rond, gebruik 'n leerstrop. Dit verwyder die braam wat ontstaan as jy die lem slyp en maak die lem "skeermesskerp". Moenie 'n lem eers laat stomp word voordat jy dit slyp nie.

» behaal tot 63Rc – dis baie hard en moeilik om met die hand skerp te maak. As verwysing kan ek noem dat die maksimum lesing wat die Rockwell C-skaal kan behaal, 65Rc is.

**STROP JOU STAAL**

Die ideaal is dan om eerder jou messe altyd skerp te hou deur dit oor 'n leerstrop te trek voor en na gebruik. Manshaarkappers se skeermesse word van baie dun staal gemaak en word skerp gehou deur dit net gereeld te strop. Die gedagte kom dadelik op dat daar darem 'n baie groot verskil is tussen menshare en 'n koedoevel, maar Donald McNicol, 'n goudsmid van Klerksdorp, wys daarop dat menshare dieselfde weerstand teen 'n snyvlak bied as koperdraad van dieselfde dikte. Die plan werk met ander woorde baie goed en so 'n strop kan van enige stuk plat harde leer (*veg tan*) gemaak word en opgerol word om in jou messetas te bly. Anders kan jy dit ook op 'n plankie vasplak. 'n Dun lagie poleerseep (*buff soap*) op die leer verseker dat die strop effektief werk.

Dit gebeur wel dat 'n mes té stomp word om net te strop. Jaco sê die beste is dan om dit op 'n goeie kwaliteit-oliesteen, wat deeglik geolie is, te slyp deur 'n paar hale te roteer tussen die twee kante van die lem. Dit is 'n kuns wat ingeoefen moet word om die regte hoeke te kry, maar dit is baie bevredigend as jy eers die tegniek onder die knie het.

Die steentjies met die stokkie aan wat in 'n rus met voorafgemerkte grade inskuif, is oulik as jy baie tyd het soos byvoorbeeld wanneer jy voor die TV sit, maar dit bied nie dieselfde effektiwiteit as 'n volgrootte oliesteen nie. Dit het heelwat kleiner oppervlaktes en die proses is baie stadig en tydrowend.

**INSTANDHOUDING**

Dit mag selfs nodig wees om messe van hoëkwaliteit-staal soos RWL na iemand te neem wat dit weer liggies op 'n bandskuurder kan slyp, of jy kan jou eie bandskuurder aanskaf. Die kleiner bandskuurders is baie effektief, maar Jaco waarsku teen oormatige gebruik omdat dit baie van die staal kan wegskuur.

My aksieplan is om, voordat ons jagveld toe gaan, seker te maak dat my messe skerp is deur dit na te gaan en te strop. Terwyl daar geslag word, word die messe dan kort-kort gestrop om die snyvlak in stand te hou. Aan die einde van die dag kan die messe wat stomp geword het, dan vinnig op 'n oliesteen geslyp word. Nadat die jag verby is, sal ek dan my messe (slegs dié wat stomperig is) met die bandskuurder opknap.

Die groot geheim is natuurlik om 'n klompie goedkoop messe saam te neem waarvoor jy nie jammer is nie. Dis ideaal vir die plaas se slagters se gebruik, want hulle hou daarvan om messe op klippe te slyp en sommige van hierdie slypklippe kan 'n lem lelik beskadig.

Bly skerp!





| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Buffalo Toyota King Williams Town | 043 642 1530 | Market Toyota Tokai | 021 715 3055 | Pat Hinde Toyota Boksburg | 011 914 8700 | Monument Toyota Randfontein | 011 412 1050 |
| Buffalo Toyota East London | 043 706 7600 | Oranje Toyota Klerksdorp | 018 406 5500 | Pat Hinde Toyota Springs | 011 812 1030 | East Rand Toyota | 011 841 1700 |
| Buffalo Toyota Mthatha | 047 534 7000 | Oranje Toyota Bloemfontein | 051 406 3000 | Limpopo Toyota | 015 292 9500 | Carnival Toyota | 011 306 8800 |
| Algoa Toyota Newton Park | 041 393 2000 | Oranje Toyota Kimberley | 053 836 4700 | Monument Toyota West Rand | 011 279 3600 | Oranje Toyota Bothaville | 056 515 2091 |
| Algoa Toyota Uitenhage | 041 922 9884 | Oranje Toyota Welkom | 057 916 8300 | Monument Toyota Constantia | 011 288 2700 | Oranje Toyota Schweizer Reneke | 053 963 1347 |
| Market Toyota Culemborg | 021 410 9300 | Oranje Toyota Kroonstad | 056 216 2800 | Killarney Toyota Houghton | 011 486 1424 | Messina Toyota | 015 534 0717 |
| Market Toyota Athlone | 021 637 9130 | Oranje Toyota Vryburg | 053 927 2316 | Killarney Toyota Stanger | 032 551 1293 | | |
| Market Toyota Cavendish | 021 673 5000 | Oranje Toyota Hartswater | 053 474 2001 | Rivonia Toyota | 011 275 1699 | | |



**BO:** Die skrywer, Rudi Gous, by die bighorn-skaap waarvan hy in die artikel vertel.
**HOOFFOTO:** Rudi-hulle het langs dié meer gekamp vir die duur van hulle jag.

# Bighorn-jag

Om hierdie wilde skape te jag, is beslis nie kinderspeletjies nie.

*Deur* RUDI GOUS

Hoe en hoekom wil 'n mens hierdie skape jag? Dit was my eerste gedagte toe my Kanadese vriend, Mark, my in 2010 uitgenooi het om saam met hom en sy jagmaat, James bighorn-skape te gaan jag. Ek sou gou uitvind dat ek, met my aanvanklike minagting vir skaapjag, oningelig was. Mark het my laat verstaan dat dit eintlik 'n groot voorreg is om vir 'n skaapjag genooi te word, want dit sit nie in elke jagter se broek om hierdie diere suksesvol te jag nie.

Natuurlik wou ek my Afrikaner-herkoms gestand doen en boonop wys 'n mens mos nie 'n geleentheid om te gaan jag van die hand nie. Gevolglik het ek ingestem en begin navorsing doen oor waarvoor ek myself inlaat.

Ek en my vrou, Mia, het in 2009 na Alberta, Kanada, geëmigreer nadat ons 'n werksgeleentheid in Edson aangebied is. Dié dorpie van so 10 000 mense is 200km oos van die Rocky Mountains geleë. *Ovis canadensis*, of Rocky Mountain bighornskape, is inheems aan groot dele van die Noord-Amerikaanse Rockies. Dit is 'n baie gesogte teikenspesie vir jagters daar





Jagters moet voorsiening maak vir alle tipes weerstoestande tydens 'n jag hoog in die berge. Steil hellings en sneeu is algemeen.

maar vele jag hul hele jagterslewe lank sonder sukses na so 'n skaap. Inwoners van Alberta is bevoorreg genoeg om 'n jaglisensie vir 'n bighorn oor die toonbank te mag koop. Hoe 'n groot voorreg dit is, word weerspieël in die pryse van die laatseisoen-jaglisensies wat jaarliks aan internasionale jagters beskikbaar gestel word tydens die Wild Sheep Foundation se funksie in Reno, Nevada – daar word tot US$250 000 betaal vir 'n lisensie om 'n bighorn te jag.

Groot dele van die Rockies, insluitend die oostelike hange in Alberta, is kroonland waartoe enige plaaslike jagter toegang het. In hierdie areas kan 'n mens maklik 'n dag of drie op jou perd spandeer (die beste manier om daar te kom) en jou kanse is groter om 'n grysbeer *(grizzly bear)*, 'n Noord-Amerikaanse eland *(moose)* of elk te sien, as om ander mense raak te loop. Dit is voorwaar nog 'n ongerepte wildernis.

**DIE LEERSKOOL**

Met die aanbreek van die skaapjagseisoen aan die einde van Augustus en na vele verkenningstogte teen die hange uit, sowel as die aankope van moderne liggewig klere, 'n rugsak, tent, slaapsak, warm waterdigte stewels en 'n Sako Finnlight in .270 WSM, is ons berge toe.

Op ons tweede dag het ons 'n groot trop van 22 ramme teen die hange van 'n berg naby die beroemde ou myndorpie Cadomin opgespoor. Die ramme was rustig aangesien die seisoen nog nie oop was nie. Die probleem was egter dat ander jagters ook reeds hierdie trop raakgesien het en ons sou 'n plan moes beraam om die ramme só te benader dat ons 'n goeie kans op sukses sou hê. Cadomin is wêreldbekend as 'n gesogte skaapjagbestemming, met drie van die topvyf-ramme (volgens die rekordboeke) wat in dié gebied gejag is . Daarom is hierdie area gewild onder Alberta-jagters en is ander manne wat dieselfde trofee as jy soek, iets wat 'n mens hier in gedagte moet hou.

Die seisoen sou die volgende dag open. Volgens wet mag jy 30 minute voor sonop skiet »



» en ons wou dan reeds in posisie wees. Dus het ons ongeveer 9km agterom die berg gestap en die nag daar kamp opgeslaan. Ons het min geslaap want die opgewondenheid was groot en teen drie-uur die volgende oggend is ons, na 'n koppie koffie en bordjie pap, die berg op.

Nou moet ek darem net sê hierdie was nie die Noord-Kaapse rantjies en koppies waaraan ek gewoond was nie! Dit was groot berge, met sneeu wat soms dwarsdeur die jaar op die pieke lê en weerstoestande wat binne minute van sonnig na reën of sneeu kan verander. Dit is dus uiters belangrik dat jy tydens die jag alles wat jy moontlik mag benodig in jou rugsak saamdra. Gevolglik is 'n man se rugsak nogal swaar wanneer jy handeviervoet teen die hange uitsukkel. Die fisiese uitdaging van die terrein, die wispelturige en gevaarlike weer, om nie eens van die grysbere te praat nie, tesame met die lae suksessyfer, is alles faktore wat só 'n skaapjag 'n groot uitdaging maak.

Met sneeu wat liggies val en kopligte wat die weg wys, het ons al hoër geklim. Teen sesuur was ons in posisie en teen 06:15 sou dit lig genoeg wees om te kan skiet. Soos ons verwag het, het die ander jagters die skape van die voorkant van die berg af bekruip. Wanneer bighorns bedreig word, vlug hulle gewoonlik berg-op en in hierdie geval reguit in ons rigting. Voor ek my oë kon uitvee, stap daar sewe ramme byna 80m van ons af verby. Mark en James het besluit dat James eerste skietkans sou kry. Daar is 'n ongesproke reël onder skaapjagters dat die oudste of mees ervare jagter eerste keuse op 'n ram het. As nuweling het ek reeds aanvaar dat hierdie jag 'n leergeleentheid vir my sou wees.

Die voorste ram was die grootste en James het stelling ingeneem om hom te skiet. Ongelukkig draai die troppie toe weg van ons af, met die ram wat hy wou skiet heel voor. Ons het hulle agternagesit en die res van die dag gesoek, maar helaas, ons kon geen verdere kans op hulle kry nie. Al het ons daardie dag nie 'n ram geskiet nie, het ek toe reeds geweet ek sou aanhou jag totdat ek 'n bighorn kry – die skaapjaggogga het gebyt. Hierdie eerste jagtog het 'n begeerte in my wakker gemaak wat later 'n passie sou word wat vandag steeds voortduur.

Sedert daardie eerste probeerslag saam, het ons drie vriende daarna nog baie dae en nagte in die berge deurgebring. Ons het meestal teruggekeer sonder om 'n enkele ram van wettige grootte te sien. In die proses het ek egter groot dele van die berge leer ken en na elke vrugtelose jag het die begeerte om sukses te behaal net meer dringend in my gebrand. Skaapjag gaan definitief na jou kop toe. Ek het al stories gehoor van manne wat in -15 °C en in net 'n slaapsak in die sneeu onder 'n denneboom slaap, sodat hulle die volgende oggend hopelik 'n kans sal kry op die ram van hulle drome.

Jagters wat alleen jag, word soms deur bere aangeval en as hulle oorleef, moet hulle per helikopter uitgevlieg word. Ek het gelukkig nie sulke dramatiese en gevaarlike stories wat ek met julle kan deel nie, maar dis beslis nie as gevolg van 'n gebrek aan toewyding nie! Na vyf jaar se probeer en 'n paar asemrowende weke te voet en te perd in die berge, het my geluk in 2015 uiteindelik gedraai.

### 'N SPESIALE GELEENTHEID

Aan die begin van daardie jaar het 'n legende in die skaapjaggemeenskap, John Tange, my gevra om saam met hom na 'n spesiale plek te gaan waar hy as jongman saam met sy pa gejag het. Dit was die geleentheid van 'n leeftyd en ek was so opgewonde soos tydens daardie eerste skaapjag. John is alom bekend as 'n ongelooflike geharde en fikse man. Sy huis is versier met trofeë van die vier subspesies van Noord-Amerikaanse »



Aiden, Ken, Mark en John, die ander vier lede van die jaggroep wat saam met Rudi die jaguitdaging meegemaak het.

FIREARMS WANTED
BEST PRICES PAID
FOR HUNTING RIFLES AND COLLECTABLE FIREARMS
www.classicarms.co.za

# CLASSIC ARMS (PTY) LTD.

**SPECIALIST DEALERS IN FINE COLLECTABLES & CLASSIC FIREARMS**

"MAIL ORDER A SPECIALITY" | 7 GLADIOLA ST. WITBANK 1035

TEL: 013-656-2923 / 013-656-1232 / Cell: 076-192-9748 A/H / FAX: 013-656-1835

CAMO NETS, POP-UP BLINDS, DECOYS, GUNDOG SUPPLIES DEACTIVATED FIREARMS

## AUCTION 61 — 4 AUGUST 2018

**WAR MUSEUM, SAXONWOLD, JOHANNESBURG**

- Approx. 500 lots
- Collectable and Modern
- Handguns, Rifles & shotguns
- Edged weapons & Muzzle Loaders

**www.classicarms.co.za**

## SHOTGUNS OVER/UNDER - NEW

| | | |
|---|---|---|
| 12ga. | Greywing | R19 870 |
| 12ga. | ATA SP 1 | R15 350 |
| 12ga. | ATA Trap Adj. Stock | R23 185 |
| 12ga. | ATA Engraved | R24 150 |
| 12ga. | ATA SP1 Camo | R16 950 |
| 12ga. | Izarms | R12 785 |
| 20ga. | Izarms | R12 785 |
| 12ga. | Webley & Scott | R16 950 |
| 12ga. | Miroku Mk 30 | R25 000 |
| 12ga. | Rizzini "Albion" | R23 925 |
| 12ga. | Winchester "Energy" | R34 700 |
| 12ga. | Winchester Select | R27 400 |
| 12ga. | Franchi M/C O/U | R16 985 |
| 20ga. | Franchi Feeling | R14 995 |
| 20ga. | Fausti | R23 950 |
| 28ga. | Fausti Round-Action | R69 590 |
| 20ga. | CZ Mallard | R 9 750 |

## SHOTGUNS: SEMI-AUTO - NEW

| | | |
|---|---|---|
| 12ga. | Benelli M3 tactical | R29 995 |
| 12ga. | Benelli Rafaelo | R33 500 |
| 12 & 20ga. | Benelli Ultra-light | R31 835 |
| 20ga. | Benelli Comfortec | R31 390 |
| 12ga. | Izarms Impactor | R 7 900 |

## SHOTGUNS: SEMI-AUTO - USED

| | | |
|---|---|---|
| 12ga. | Atis | R 3 950 |
| 12ga. | Remington Arms | R 4 950 |
| 12ga. | Beretta 302 | R 4 950 |
| 12ga. | Franchi H/C | R 6 950 |
| 12ga. | Atis H/C | R 6 950 |
| 12ga. | Eibar S/S Boxlock NE | R 4 750 |
| 12ga. | Powell S/S Boxlock NE | R 4 500 |
| 12ga. | Brno S/S DT NE | R 7 500 |
| 12ga. | Lewis S/S DT NE | R 6 500 |
| 12ga. | Browning | R 4 500 |
| 12ga. | Fabarm | R 6 500 |
| 12ga. | Franchi | R 5 500 |
| 12ga. | Pointer | R 2 950 |

## SHOTGUNS: OVER/UNDER - USED

| | | |
|---|---|---|
| 12ga. | FN B25 A1 | R24 950 |
| 12ga. | Mod B25 Browning B2 | R37 500 |
| 12ga. | Winchester 101 | R13 500 |
| 12ga. | Browning B25 B2G | R37 500 |
| 12ga. | Fias | R 7 850 |
| 12ga. | Miroku Shotgun | R14 500 |
| 12ga. | Miroku Shotgun | R 9 750 |
| 12ga. | Huglu | R14 500 |

## SHOTGUNS: PUMP-ACTION - NEW

| | | |
|---|---|---|
| 12ga. | Izarms - Field | R 5 700 |

## SHOTGUNS: PUMP-ACTION - USED

| | | |
|---|---|---|
| 16ga. | Browning | P.O.R |
| .410 | Mossberg 183KE Bolt | R 1 950 |
| 12ga. | Mossberg | R 3 450 |
| 12ga. | S&W | R 3 750 |
| 12ga. | S&W | R 3 950 |

## SHOTGUNS: SIDE-BY-SIDE - USED

**MANY MORE IN STORE**

| | | |
|---|---|---|
| 12ga. | BSA | R 4 750 |
| 12ga. | Wilkes | R 4 750 |
| 12ga. | Zabala | R 4 750 |
| 12ga. | AYA SL EJ. Cased | R27 500 |
| 12ga. | Zabala SL EJ. Cased | R12 500 |
| 410ga. | Aya boxlock EJ. | R 9 500 |
| 20ga. | Zabala | R12 500 |

## HANDGUNS - NEW

| | | |
|---|---|---|
| 9mmK | Ruger LCP pink | R 6 930 |
| 9mmP | S&W M&P 9 Shield | R 9 985 |
| 9mmP | Glock 17 | R 9 750 |
| 9mmP | CZ P-07 | R10 500 |
| 9mmP | Ruger LCP Black | R 7 935 |
| 9mmP | Beretta APX | R12 805 |
| 9mmP | Beretta 92 Compact | R11 305 |
| 9mmP | CZ Shadow | R15 500 |
| 9mmP | Grand Power K100 | R 9 950 |
| 9mmP | Taurus PT-92 FS | R13 355 |
| 9mmP | Taurus PT 912 CS | R12 165 |
| 9mmP | Glock M43 | R10 975 |
| 9mmP | Glock M17 Gen 4 | R10 995 |
| 9mmP | Grand Power | R 9 950 |
| 9mmP | Girsan Mc 28 SAS | R 6 430 |
| 9mmP | Glock 19 Gen 5 | R12 150 |
| 9mmP | Ruger LCP | R 7 250 |
| 9mmP | Beretta Nano | R11 535 |
| 9mm | Taurus TH Pistol | R10 600 |
| .45ACP | Taurus PT 1911 | R13 850 |

## HANDGUNS - USED

| | | |
|---|---|---|
| .22K | High-standard Olympic | R 3 450 |
| .22lr | Hi-Standard | R 2 450 |
| .22lr | Freedom Arms | R 4 950 |
| .22lr | Beretta Pistol | R 3 950 |
| .22lr | Bernardelli | R 1 500 |
| .22lr | Sauer & Sohn | R 3 250 |
| .22lr | Ruger MK II | R 2 250 |
| 7.65mm | Kel-Tec Pistol | R 5 500 |
| 7.65mm | Walther PPK | R 3 450 |
| 9mm | H & K VP70Z | R 4 500 |
| 9mm | CZ 75 Pistol | R 8 500 |
| 9mmP | Star 43 Fire star | R 4 950 |
| 9mmP | Browning HP | R 6 500 |
| 9mmP | Lorcin | R 2 250 |
| 9mmP | Heckler & Koch HK4 | R 4 950 |
| 9mmP | Sig Sauer P2022 | R10 500 |
| 9mmK | Browning | R 2 950 |
| 9mmK | Walther PPK | R 4 500 |
| .38SPL | Charter Arms 2" | R 2 950 |
| .44 Ruger | Super Blackhawk | R14 950 |
| .44Mag | Smith & Wesson Mod 29-2 | R17 500 |
| .44Mag | Uberti | R 4 150 |
| .45ACP | Para Ordnance | R13 500 |
| .45ACP | Republic Arms | R 6 500 |
Then Izak said: "Sir I thought that you had seen the fourth kudu. They picked her up as they ran along the tree-line. I thought you saw her when she fell straight down behind the tree and that you just wanted to shoot another kudu."

This was crazy! I called for the vehicle to stop and decided to just shut up, because this fiasco was also my fault. When I thought about it, this was probably the first time that Izak and I had exchanged any words during that day. I should have scanned the scene better and picked up that a fourth kudu had joined the other three, and most important, that it was standing directly behind the one that I had in my sights.

#### TIDY-UP AND ANALYSE

I jumped off the bakkie and loaned a .30-06 from a friend for a quick photo (mine had been packed away), and then we loaded the second kudu. My friends thought that it was a magnificent job but I had a lot to think about besides the bank notes flying out the window. At the butchery I examined the carcasses and saw that a small piece of the 174gr bullet had separated and passed right through the chest cavity of the first kudu and hit the animal standing next to it. It had only penetrated the skin and was by no means lethal, but definitely sore enough to give the animal a constant twitch.

That night as I sat around the campfire I moodily digested what had transpired that day. The money wasn't an issue because another hunter had bought the second kudu from me. I was moody because things didn't feel right.

I had never spent time getting to know Izak, asking what he knew about the bush, could he follow an animal track? I didn't tell him that I prefer a shot into the 'engine room' and as a general rule wish to avoid a head shot. I didn't tell him what calibre rifle and ammo I was using, nor my preferred shooting distance. I didn't make sure that he knew to check my shot placement and the animal's reaction.

Proper communication is very important. There are probably a dozen or more things that we should have discussed to avoid misunderstanding.

In the end the lesson that I have learned goes to all hunters. My advice: Take ten minutes of your precious time and get to know your guide before you go out into the veld. Make sure that he understands your hunting strategy, your wishes, goals, motives and what you plan to do in different situations. Happy hunting!

ACAPULCO GUNS
5 Voortrekker Rd, Kempton Park
Tel: (011) 970 1069 / 4212
Fax: (011) 970 4172



- Specialising in handguns, rifles, shotguns and semi-automatic rifles.
- Stockists of a wide range of telescopes, holsters, ammunition and hunting gear.
- We assist with firearms applications/ motivations.
- Renewal of licences.
- Accredited firearm training center. Competency certificates, full training provided for civilians, security companies and guards.
- I.T.A. & PFTC certified.

Contact: Abdullah
Cell: 082 823 3366

or Imran / Arif / Faheem
Cell: 082 446 2637

acapulco@mweb.co.za

www.acapulcoguns.com

VRA VIR KASSIE

# Herlaaipotpourri – Deel 14



Deur KASSIE KASSELMAN

**VRAAG**

*Wanneer ek die koeël in die doppie indruk, druk die koeëlplaasmatrys 'n ring net onder die punt van die koeël. Wat is die oorsaak daarvan en hoe kan dit voorkom word?*

**KASSIE SE KOMMENTAAR**

Die ringvormige merk om die koeël word veroorsaak deur die bek van die koeëlplaasbekertjie wat die koeël in die doppie se nek moet indruk. Daar is hoofsaaklik drie redes waarom dit by sommige koeëls gesien kan word:

1. Sagte koeëls met dun koperwande, soos loodkernkompetisiekoeëls, duik baie makliker in wanneer die doppie se bek weerstand bied teen die inskuif van die koeël. Wanneer koeëls met harde wande, soos jag- of monometaalkoeëls, gebruik word, sal die drukmerk nie sigbaar wees nie.
2. Wanneer die doppie se bek nie behoorlik ontbraam is nie – met ander woorde daar is nie 'n behoorlike skuins binnerand by die dopbek gesny nie – is die weerstand wat die koeël ervaar om in die doppie se nek in te skuif, groter. Dit lei tot die vorming van 'n ring om die koeël se punt. Sommige koeëls het bootsterte, terwyl ander weer plat basisse het. Die vorm van die koeël se stert bepaal hoe maklik die koeël in die doppie se nek ingly, vandaar die samestelling van die tipiese matrysstel vir doppies met reguit parallelle wande. Vir hierdie tipe doppie word 'n matrys as deel van 'n stel voorsien. Dié matrys word so gestel dat die doppie se bekkie effens oopgesper word om platbasiskoeëls te ontvang sonder dat die doppie se wande tydens die koeëlplaasproses beskadig word. (Sien **Foto 1**.)
   Dit is altyd beter om 'n goeie laesleurontbramer (VLD) te gebruik om die doppie se bek te ontbraam, veral wanneer VLD-kompetisiekoeëls gelaai word (sien **Foto 3**). Hierdie voorsorg verseker dat die koeël glad en sonder groot weerstand in die doppie se nek inskuif.
3. Die vorm van die koeëlplaasbekertjie in die koeëlplaasmatrys kan ook die ring veroorsaak. (Sien **Foto 2**.) Nie alle koeëls het dieselfde profiel nie. Die hoek van die ogiewe verskil ooreenkomstig die doel waarvoor die koeël vervaardig word. Insgelyks word die koeëlplaasbekertjie se binnerand teen 'n skuins hoek vervaardig om oor die ogief van die koeël te pas. Die vervaardigers van matryse kan ongelukkig nie 'n bekertjie maak wat die ogiefhoek van alle koeëls mooi pas nie. Sommige vervaardigers maak spesiale koeëlplaasbekertjies vir koeëls met baie skuins ogiefhoeke wat addisioneel aangeskaf kan word. Indien dit nie bekombaar is nie, kan die herlaaier self die koeëlplaasbekertjie se binneafwerking poleer om sodoende de knus oor die koeël wat hy gebruik, te pas. Dit kan help om te verhoed dat die koeël se ogief nie tydens koeëlplasing beskadig word nie.



**FOTO 1**: Die strekpen met die oopsper-rif in die matrysstel word vir parallelwanddoppe verskaf en word gebruik om die doppie se bek effens te sper sodat 'n platbasiskoeël glad gepas kan word.

Ons moet net altyd onthou dat enige skade aan die koeël se stert of ogief 'n nadelige impak op akkuraatheid het. Die koeël beweeg in vrye vlug vanwaar dit die geweer se tromp verlaat tot by die teiken. Enige skade aan die koeël of onstabiliteit wanneer dit in vlug is, neutraliseer alles wat die herlaaier probeer bereik met akkurate laai. Ons is gewoonlik baie bekommerd oor die skade wat aan die sigbare gedeelte van die koeël aangerig is, maar hou nie altyd in gedagte dat skade aan die koeël se stert tydens die inskuif in die doppie 'n groter impak op akkuraatheid kan hê nie. (Kyk **Foto 4**.) Let op die VLD-ontbramer in die meegaande foto. Dit kan bydra tot 'n seepgladde inskuif van die koeël in die doppie in, sonder om die stertgedeelte te beskadig.




**FOTO 2:** Die drukmerk van die koeëlplaasbekertjie (*seating cup*) om die koeël. 'n Sagter (*match*) koeël sal 'n dieper induiking toon.



**FOTO 3:** 'n Goeie ontbraming-dopbeksnyer vir bootstertkoeëls, soos die VLD-ontbramer, kan bydra tot 'n seepgladde inskuif van die koeël in die doppie in, sonder om die stertgedeelte te beskadig.



**FOTO 4:** Skade aan die koeël se bootstert en basisoppervlak word veroorsaak deur doppe wat nie reg ontbraam is nie. Dit lei ook tot waggelpatrone.

**VRAAG**

*Hoekom is patrone nie altyd konsentries nadat hulle gelaai is nie? Ek het die beste kompetisiematryse gekoop wat veronderstel is om te verseker dat die gelaaide patroon absoluut reguit is, tog bly die meeste van my patrone in 'n mate skeef. Afhangende watter metode ek gebruik om die waggelafwyking te meet, kan die variasie tot soveel as .007" vanaf die sentrale as wees. Wat is 'n aanvaarbare afwyking?*

**KASSIE SE KOMMENTAAR**

'n Eenvoudige kort vraag is soms die moeilikste om te antwoord. Baie herlaaiers blameer gewoonlik eerste die koeëlplaasen/of die vormmatrys en vervang dan summier sy matryse met meer gevorderde produkte, net om te vind dat die "beter" matryse nie regtig 'n verskil maak nie. Ofskoon dit nie uitgesluit kan word dat matryse foutief is nie, is dit uiters onwaarskynlik dat instrumente wat in moderne masjinerie vervaardig word, buite spesifikasies kan wees. Dit is wel so dat doppies wat in volvorm-drukmatryse gevorm word, meestal 'n laer gemiddelde waggelafwyking toon as doppies wat in nekvorm-drukmatryse gevorm word. Die rede hiervoor is eenvoudig dat die volvorm-drukmatrys beter ondersteuning aan die doppie bied, omdat die doppie se romp ook in kontak met die matrys se wande is. In teenstelling hiermee ondersteun die nekvorm-drukmatrys net die doppie se nek.

Dit is egter nie die ingaan van die doppie in die matrys en die vorm van die matrys wat veroorsaak dat die doppie asentries gevorm word nie. Onthou, wanneer die doppie in die matrys is, het hy die perfekte vorm van die binnekant van die matrys aangeneem. Wanneer die doppie egter uit die matrys uitgetrek word, is die trekkrag onderaan die rand van die doppie, wat die doppie dan losmaak van die matrys se binnewande. Die enigste weerstand wat die doppie dan verder teen die matrys bied, is wanneer die binnenek van die doppie oor die strekknoop getrek word om die nek tot die korrekte grootte te rek vir die regte spanning, of greep, om die koeël. Op daardie stadium word die doppie geensins deur die matrys ondersteun nie. Die doppie se nek kan dan maklik uit lyn uit getrek word as die nekdikte in sy omtrek verskil; die binneskouer nie eweredig gesmeer is nie; of die doppie se smeebaarheid nie eweredig deur uitgloeiing versprei is nie. Hoe dunner die doppie se nekwande, hoe groter word die probleem.

**Die oplossing vir hierdie oorsake is redelik voor die hand liggend, naamlik:**

1. Verseker dat die dopskoentjie se haak skoon en haaks is met die trekrigting sodat die doppie reguit uit die matrys getrek word.
2. Sorg dat die doppie behoorlik gesmeer is waar die binneskouer by die nek aansluit.
3. Skil die doppie se nek tot eweredige dikte. Waak egter daarteen om die doppie se nekwand te dun te skil. Onthou die reël dat die nek so dik moontlik moet wees om nekspanning beter en langer te behou, sodat dit so min as moontlik hoef uit te swel om teen die matrys te seël wanneer die skoot gevuur word.
4. Gloei die doppie se nek gereeld uit om eweredige smeebaarheid en gevolglike nekspanning te verseker. As al hierdie maatreëls nog nie help nie, kan 'n mens allerhande truuks probeer, soos deur die doppie te roteer en weer te vormdruk of om ander tipes matryse soos kompetisiebusmatryse, *collet*-nekmatryse en pasmaakmatry- »




» se te probeer.

Dit gebeur dikwels dat 'n doppie ná vorming baie mooi konsentries is, maar nadat die koeël geplaas is, is die patroon asentries (dit waggel).

**Daar is gewoonlik een of meer oorsake hiervoor:**

1. Die matrys ondersteun en lei die koeël nie behoorlik om reguit in die doppie in te sak nie. In so 'n geval moet die matrys vervang word, omdat die matrys se binne-toleransies te groot is.
2. In die geval van 'n spitspuntkoeël druk die punt van die koeël teen die binnekant van die koeëlplaasbekertjie vas, wat veroorsaak dat die bekertjie se rand nie met die koeël se ogief kontak maak nie. Dit het tot gevolg dat dit dan skeef in die doppie indruk. Hierdie probleem kan opgelos word deur die bekertjie se diepte met 'n boortjie te vergroot sodat die koeël se punt diep genoeg ingaan en die bekertjie se rand op die ogief kan druk. Die bekertjie of die matrys kan ook in geheel vervang word.
3. Die koeël kan te vlak in die doppie ingedruk word, wat daartoe lei dat die doppie nie genoeg greeplengte op die koeël se skag het om behoorlike belyning te verseker nie.
4. Die doppie se bek is nie behoorlik aan die binnekant ontbraam en skuins gesny om die koeël se stertkant in die nek in te lei nie. Vir 'n bootstertkoeël moet 'n laesleurontbramer (VLD *deburring tool*) gebruik word. As dit nie gedoen word nie, bied die doppie te veel weerstand wanneer die koeël ingedruk word en benewens 'n uit-lyn-uit koeël, word die koeël se basis en bootstert ook beskadig.
5. Die doppie se nek is nie eweredig dik rondom nie, of die doppie is nie uitgegloei nie. Soos dit al menigmaal genoem is, is dit beter om die doppie na elke skoot uit te gloei.

Dit is feitlik onmoontlik om te verseker dat alle patrone 'n zero-afwyking op 'n waggelmeter het. (Sien **Foto 5**.) Dit help ook nie om 'n "krom" patroon reguit te druk nie, want 'n paar ure nadat die patroon reguit gedruk is, keer die natuurlike spanning in die metaal terug en is die belyning weer uit koers uit. Langafstandskieters in die VSA het voorts gevind dat 'n waggel van .003" op die Neco/Forster-metode gemeet, weinig, indien enige, effek op die konstantheid van skootplasing het tot en met afstande van 1 000 meter. Natuurlik sal geen waggel verkieslik wees en streef ons almal om daarby uit te kom. 'n Obsessiewe ingesteldheid op 'n klein waggel kan egter baie geld en tyd kos, sonder dat die verlangde operasionele resultaat dit regverdig.

**DOEN DIE BESTE WAT JY KAN MET DIE GEREEDSKAP EN KENNIS WAT JY HET!**

** Skakel Kassie by Dave Sheer Guns in Montana, die telefoonnommer is: 010-300-1222.*




**FOTO 5:** Hier is 'n voorbeeld van 'n waggelmeter. Dis feitlik onmoontlik om te verwag dat alle patrone 'n zero-afwyking op die waggelmeter het.

TEKEN DIGITAAL IN EN SPAAR 40%




TEKEN IN

vir 12 maande op SA JAGTER/HUNTER se digitale weergawe en betaal net

R23.90 per uitgawe.

Dis slegs R286.80 per jaar.

Kontak ons
0861-697-827
support@mysubs.co.za

BEPALINGS EN VOORWAARDES As jy besluit om jou intekening te beëindig, kan jy enige tyd bloot 0861-697-827 bel of 'n e-pos stuur na support@mysubs.co.za.

Meer oor mysubs.co.za

Nou is al jou gunsteling-tydskrifte net 'n klik ver! MySubs.co.za is 'n aanlyn-intekenportaal waar jy top-Suid-Afrikaanse publikasies kan deurblaai, koop en lees. MySubs bied jou die kans om uiteenlopende belangstellings digitaal te verken – of dit nou glans-, dekor- of kosnuus is. Deur in te teken, kan jy enige tyd en op enige plek oor enigiets lees.

Lees dit op hierdie toestelle

TAFELREKENAAR TABLET SELFOON

mysubs

LAAI DIE MYSUBS+ APP AF OM JOU LEESERVARING TE VERBETER.

# Skietwinkel

Skietbenodigdhede/Skietbaan

Vir meer inligting:
www.skietwinkel.com
NHSA-lede welkom

25m & 100m & 200m
GEWEERTONNELS
OP PERSEEL

Tel: 051 444 3590/91 / Sel: 082 557 5169 • Posbus 17772, Bainsvlei, 9338
H/v Dealesville en Abrahamskraalpad

**RIFLES**

**Tikka** T3 Super Varminter 30-06 **SPECIAL** R14 900
**Tikka** T3 Varminter 30-06 **SPECIAL** R11 900
**Tikka** T3 Hunter 30-06 with sight R14 999
**Tikka** T3X Var./Super Var. 223, 308, 243, 260, 270, 300 Win Short Magnum, 22-250 R17 500-R23 300
**Tikka** T3X CTR 6.5 Creedmoor 24" SS R20 500
**SAKO** Lam. S/S 222 **SPECIAL** R21 000
**SAKO** MOD 85 Hunter 222 **SPECIAL** R19 900
**SAKO** Long-Range 338 Lapua **SPECIAL** R37 900
**SAKO** Long-Range 300 WM **SPECIAL** R37 900
**SAKO** MOD 85 270, 308, 30-06, 300, 243, 375, 338 9,3x66, 300 WSM, 260, 7mm RM From R24 999
**SAKO** 85 Lam. Stock 243, 308, 30-06, 375 R23 500
**SAKO** MOD 85 S/S Lam 243, 30-06, 308 R27 500
**SAKO** MOD 85 Var. Hout 243, 223, 22-250 From R27 000
**SAKO** MOD 85 Var. Lam Fluted S/S 308, 243, 260, 22-250 From R31 000
**SAKO** MOD 85 Hunter 9,3x66, 8x57JS, 270 R24 500
**SAKO** MOD 85 Hunter LH 30-06 R28 500
**SAKO** MOD 75 Deluxe .375 H&H R40 000
**SAKO** Brown Bear 338 Win Mag R29 000
**SAKO** A7 Roughtech Var. 25-06, 308 From R22 500
**CZ** 550 Lux Various calibres From R13 400
**CZ** 550 Lux 375 H&H, 416 Rigby From R24 500
**CZ** 455 Lux Lam. Thumbhole Fluted .22lr R 9 700
**Remington** MOD 700 SPS Var. Various cal. R17 999
**Remington** Long-Range 30-06, 7mm Rem Mag, 25-06 R19 999
**Remington** 700 ADL Tactical 6,5 Creedmoor, 24" Bull Barrel R11 500
**Howa** 223, 243, 22-250, 308 Varmint From R 9 300
**Howa** 1500 6.5 Creedmoor 26" Var. From R10 900
**Howa** 1500 308 with Scope R 9 999
**Howa** 1500 6.5 Grendel R10 900
**Ruger** All American 243, 30-06, 270, 308 R 8 500
**Ruger** M77 Predator 6.5 Creedmoor R23 300
**Merkel** 470 NE Double Rifle Mod140AE R130 000
**Voere** Standard 270, 30-06, 300WM R19 900
**Winchester** Safari 375 H&H, 416 Rem R28 000
**Winchester** Pre-'64 Model 70 Supergrade 270, 30-06, 300 Win Mag, 338, 7mm RM, 300 WSM From R23 500
**Winchester** Pre-'64 Model 70 Sporter 25-06, 270, 300 Win Mag, 338, 300 WSM From R16 500
**Winchester** Mod 70 Pre-'64 Feathterweight 22-250, 270, 308, 30-06 R12 700
**Winchester** Mod 70 Pre-'64 Ultimate Shadow 243, 308, 270, 30-06 R10 400
**Ruger** 223 AR R17 600
**Bushmaster** 223 AR R17 500
**Sig Sauer** 223 AR R24 000
**Sig Sauer** 223 M400 R23 000
**Browning** A-Bolt II 223, 243, 308, 30-06, 375 R11 400

**SHOTGUNS**

**Beretta** Silver Pigeon 1 – Field R28 500
**Beretta** Silver Pigeon 1 – Sporting 30" R28 900
**Beretta** A400 Lite R26 900
**Mossberg** Pump-action 590 A1 R17 800
**Winchester** 12ga. SXP Pump-action HP R 8 999
**Winchester** 12ga. Select Sporting Lam. R26 000
**PAC-NOR** Super Match Barrels: Cal .22 up to .416 **IN STOCK** From R 8 900
Silencers - All calibres from (supplied & fitted) R 1 900

**KRIEGER BARRELS IN STOCK – From R10 900**

**PISTOLS:** • Glock 19 Gen 4 R9 900
• Beretta PX Storm R10 500
• Beretta P4 Carbine R12 500
• CZ P07, P09, P10 from R8 900

**BULLETS & BRASS** • Winchester • Sierra • Sako • Remington • Nosler • Hornady • Lapua • Norma
• Berger Bullets – NEW SHIPMENT AVAILABLE

**RELOADING**
• RCBS • Redding • Lee • Lyman • Hornady

Foxpro Inferno met SA klanke R4 999

Life-size full-colour TARGETS: R12-R49
Springbok, Rooibok, Blesbok, Vlakvark, Jakkals

ACCREDITED FIREARMS TRAINING & RELOADING COURSES DONE ON OUR PREMISES. Call for dates & bookings.



HERACLES

A versatile machine for any farm.



**TELESCOPIC WHEELED LOADER** H580T

Gross power: 65kW/88hp | Pay load: 2 Ton | Lift height: 6m

**R450,000** ex Vat

**INCLUDES BUCKET & FORKS**
12 Month Warranty

WAHA EQUIPMENT

084 252 5000
011 574 5728
www.waha.co.za
578A 16TH ROAD, MIDRAND, JHB




# DOW

BLADES AND OUTDOOR TOOLS

Designed for the toughest conditions Africa has to offer D.O.W has the blade or outdoor tool for you. Made from high-quality 440 stainless steel.

www.knivesforafrica.co.za




DEALER ENQUIRIES WELCOME: 021-706-6064



# la.va®

VACUUM PACKAGING

Kwaliteit ingevoerde vakuumverpakkingsmasjiene en vleisverwerkingstoerusting
**Tweejaarwaarborg.**



**SA JAGTERSLEDE MET BEWYS VAN LIDMAATSKAP KRY**
- **5%-AFSLAG OP MASJIENE**
- **10%-AFSLAG OP SAKKIES**

Besoek ons aanlynwinkel by **www.lava-sa.co.za**

E-pos: info@lava-sa.co.za | anneke@lava-sa.co.za

Sel: 072 160 5556



# 5.11 Tactical – klere vir die buitelewe

*Deur* KOOS BARNARD

Die maatskappy 5.11 Tactical (ook 5.11 Inc) is in Kalifornië in die VSA gesetel, maar verkoop hulle produkte wêreldwyd. Hulle konsentreer op 'n verskeidenheid hemde, broeke, baadjies, sportklere en skoene wat vir die buitelewe bedoel is.

Die plaaslike agent vir 5.11 Tactical is Twinbore van Johannesburg wat aan Hendry Olivier behoort. Hendry het onlangs vir SA JAGTER/HUNTER 'n langbroek en hemp gegee om van naderby te beskou. Beide kledingstukke word verkoop onder die naam Taclite.

Veldklere wat vir jag en ander gebruike bedoel is, word gemaak in verskillende kleure waarvan khaki en groen seker die gewildste vir jagters sal wees. Die klere wat ons gekies het om te toets, was groenbruin – 5.11 noem dit Tundra.

Sommer met die eerste oogopslag val die kwaliteit van die klere jou dadelik op. Dit is werklik goed en uiters netjies gemaak. Bykans al die nate het dubbele stiksels.

**DIE HEMP**

Kom ons begin by die langmouhemp. Dit is van die sogenaamde *ripstop*-materiaal gemaak en is behandel met teflon wat volgens 5.11 verhoed dat dit so maklik soos onbehandelde materiaal sal vlek. Die lang moue het lussies aan die binnekant wat jy kan gebruik om die opgerolde mou in plek te hou (sien die foto regs onder).

Wat hierdie hemde lekker maak, is dat hulle vier borssakke het. Agter die twee gewone borssakke, wat met flappe toemaak, is daar nog 'n sak (een aan elke kant) wat gebruik kan word om dokumente of kaarte te stoor. Hoe relevant sulke sakke vir ons Suid-Afrikaners is weet ek nie, maar dis daar om te gebruik sou jy met 'n kaart in die veld wou rondloop. Mense wat veldaantekeninge oor enigiets wil maak sal natuurlik 'n lekker groterige notaboek daarin kan bêre. Al die borssakke maak met *Velcro* vas.

Nog 'n handige ontwerp by die borssakke is dat die gewone sakke elk 'n gleufie aan die bokant het waarin jy 'n pen kan inglip sonder dat jy die flap van die sak hoef oop te maak. Dis iets wat ek (wat baie skryfwerk doen) nogal handig vind. Daar is selfs twee pennesakkies (of penflitssakkies) aan die bokant van die linkermou naby die skouer. Dis miskien *overkill*, soos die Engelse sal sê, maar dalk is daar mense wat dit sal gebruik.

Aan die rugkant is daar 'n ventilasieflap soos wat algemeen op buitelughemde aangetref word. Wat ek van die 5.11-hemp hou, is dat die flap op twee plekke vasgewerk is en nie met *Velcro* vasmaak nie.

Die Taclite-hemp is by die elmboë met 'n ekstra laag materiaal versterk, iets wat nogal byval sal vind by mense wat baie uit die lêposisie skiet of tyd met hul elmboë op die grond deurbring (jagters en dalk mense wat makrofotografie van klein velddiere, insekte en blomme, ens. doen). Dan is daar ook dieselfde versterking by die armholte-deel aangebring en onder elke armholte is twee ventilasiegaatjies. Taclite-hemde word ook verskaf met twee los epoulette wat jy self kan laat vaswerk, sou jy dit wou gebruik.

**DIE BROEK**

Soos deesdae die algemene mode is, volg 5.11 se Taclitebroek, wat ook van *ripstop*-materiaal gemaak is (65% poliëster en 35% katoen), die gewilde gevegstipe *(combat)* styl. Behalwe vir die gewone kantsakke het dit ook een groot kantsak op elke bobeen. Dan is daar twee gatsakke en aan die voorkant en hoog op elke bobeen ook 'n klein, langwerpige





**LINKS:** Let op die pennesakkies op die hempsmou.
**REGS:** Die moue het lussies sodat jy die opgerolde gedeelte kan vasmaak.



Let op na die kantsak op die bobeen en ook die kleiner nutssakkie net bo dit.

sakkie. Die sakkie op die linkerbeen is 'n bietjie ruimer en maak met 'n flap (met *Velcro*) toe. Die sakkie aan die regterkant is bo oop. Ek sou dink dat jy in die linkerkantse sakkie iets soos 'n knipmes sal kan dra, terwyl die regterkantse sakkie gereserveer kan word vir items wat nie sal uitval wanneer jy normaalweg rondstap nie. Ek vind veral die linkerkantse sakkie baie handig vir my GPS en 'n knipmes, of my motorsleutels (ek jag dikwels alleen en nadat ek my bakkie geparkeer het, neem ek altyd my sleutels saam met my as ek begin stap).

Die gatsakke is lekker diep en maak met een stukkie *Velcro* in die middel toe. Hul bokante is egter skuins gesny wat meebring dat die sakke aan die een kant dieper is as aan die ander kant. Dit is dus ook sakke waarin ek hoofsaaklik iets sal bêre as ek regop beweeg (dis wat die meeste jagters in elk geval doen – min kruip op hulle hande en knieë). Bo die regterkantse gatsak is daar 'n lus waarvan ek die doel nog nie mooi kon verstaan nie, maar ek glo 'n mens sal iets soos 'n waterbottel of ligte skietstokke daaraan kan haak. Ek dra egter my geweer oor my regterskouer, so ek sal die lus aan die linkerkant verkies het.

Taclite-broeke het sewe lusse vir jou belt en daar is 'n rek in die broekband waarvan ek baie hou – dit laat jou toe om so 'n "bietjie uit te sit" om die middel.

'n Baie goeie ontwerp-kenmerk van die Taclite-broek is dat dit in die sitvlak- en knie-areas met 'n dubbellaag materiaal versterk is. Die versterkte area by die knieë is ook van so 'n aard dat daar kompartemente aan die binnekant is waarin knieskerms geglip kan word. Ek glo hierdie ontwerp-kenmerke van die Taclite-broek is goeie nuus vir diegene wat gereeld diere op hulle hande en knieë bekruip of op hul sitvlakke aanskuifel (laasgenoemde is 'n baie effektiewe metode).

**BEVINDING**

Maar hoe dra die klere? Eenvoudig fantasties. Beide die hemp en die broek sit uiters gemaklik en hierdie 5.11-klere is van die heel gemaklikste wat ek nóg gedra het. Dis klere wat ek beslis met groot vrymoedigheid aanbeveel.

Klere van hierdie kwaliteit is nooit goedkoop nie en dis ook só met 5.11 se Taclite-produkte. Die hemp verkoop in die kleinhandel teen net meer as R900 en die broek teen meer as R1 000. Neem jy egter die kwaliteit in aanmerking en die ontwerp-kenmerke van dié klere, dan bied die Taclite-produkte uiters goeie waarde vir geld.

Onthou dat Twinbore 'n groot aantal produkte van die 5.11-reeks invoer – daar is ook baadjies, onderbaadjies, oefenklere en skoene, om net 'n paar te noem.

** Vir meer inligting oor 5.11 se produkte kontak gerus vir Hendry van Twinbore Agecies by 011-467-9604.*







Let op na die verskil in die kleur van die hemp en die broek. Die hemp is van *ripstop*-materiaal gemaak en vertoon ligter van kleur. Dis meer geskik vir terrein met wintergrasveld. Die broek se effens donkerder kleur werk uiters goed in die bos. Promark se hemde wat nie van *ripstop*-materiaal gemaak is nie, is dieselfde kleur as die broek. Let ook op na die Ultimate-hoed van seemsleer.

# Stevenson-Hamilton

*Deur* KOOS BARNARD

Die kamoefleerklerereeks van Promark wat bemark word onder die naam Stevenson-Hamilton is al 'n goeie klompie jare aan Suid-Afrikaners bekend. Dis klere wat plaaslik gemaak word en die kamoefleerpatroon is een van die bestes vir veldtipes in Suidelike Afrika.

James Stevenson-Hamilton was die eerste veldwagter van die destydse Sabie-wildreservaat wat die voorloper van die Kruger Nasionale Park was. Dit was as gevolg van Stevenson-Hamilton se dryfkrag dat die Krugerwildtuin uiteindelik in 1926 gestig is. Promark eer hierdie beroemde veldwagter deur hul kamoefleerklere na hom te noem.

Die kamoefleerpatroon bestaan uit 'n mengsel van die kleure bruin en groen wat in 'n akasia-tipe patroon op die materiaal aangebring is. Slim versteek in die patroon is die vorms van 11 verskillende diere soos byvoorbeeld kameelperd, hiëna, olifantslurp, sebra en voëls op 'n tak.

Promark bemark hemde, broeke, baadjies, onderbaadjies, hoede, pette, leergordels, geweerbande, truie en selfs kouse. Jagters sal belangstel in die tipiese gevegs-tipe langbroeke met kantsakke en sakke op die bobeen. Hierdie broeke het ook ingeboude kamaste met rekke wat onder om jou voet pas om die kamaste in plek te hou.

Hemde is met beide kort en lang moue beskikbaar en daar is ook hemde van *ripstop*-materiaal as opsie. Promark se produkte is almal baie sterk en goed gemaak wat verseker dat dit lank sal hou.

My mening is dat Promark van die beste hoede bemark vir plaaslike jagters. Daar is gewone pette in kamoefleer- en *oilskin*-materiaal en ook verskeie hoede wat van leer gemaak is. Twee van die lekker hoede wat



Drie van die hoede wat Promark bemark: Heel bo is die Gary (*oilskin*) gevolg deur die Survivor van gladde leer en dan die Ultimate wat van seemsleer gemaak is. Heel onder is die *oilskin*-pet.






Kyk net hoe uitstekend werk die kamoefleerpatroon van die Stevenson-Hamilton-klere in bosveld.

ek onlangs getoets het, is die Ultimate, 'n wyerandhoed van seemsleer *(suede)*, gemaak op die patroon van die Australiese Akubra. Dié is sommer 'n eersteklas hoed met 'n netjiese leerbandjie om die bolgedeelte. Dan is daar ook die Gary, nog 'n wyerandhoed wat van *oilskin*-materiaal gemaak is. Beide hierdie produkte is hoedens wat ek met groot vrymoedigheid aanbeveel. Promark maak natuurlik ook die Survivor, 'n leerhoed wat jy sommer kan opfrommel maar wat sy vorm behou. As jy iewers in reënerige weer jag of selfs net stap, is Promark se *oilskin*-hoede en -pet beslis aan te beveel. Die pet is ook verkrygbaar met 'n lekker lang nekflap, iets wat ek twee jaar gelede in reënerige weer in Duitsland baie handig sou gevind het.

Promark se kamoefleerreeks word van 100% katoenstof gemaak en dis iets wat by baie byval vind. Die klere is nie glad en glyerig teen jou lyf nie en dit raas glad nie in die veld nie. Laasgenoemde is baie belangrik veral as jy in digte bos jag waar jy wild dikwels op kortafstand raakloop. In die somer is die katoenhemde ook lekker koel. Die hemde het borssakke wat met knope vasmaak – sommige mense verkies dit bo *Velcro* omdat jy 'n sak wat met 'n knoop toemaak sonder enige geraas kan oopmaak.

Ek gebruik Stevenson-Hamilton-klere al vir meer as 10 jaar en kan net met die grootste lof van hierdie produkte praat. Dis beslis een van my gunstelinge en ek beveel dit met groot vrymoedigheid aan.

** Vir meer inligting oor die Stevenson-Hamilton-reeks, kontak gerus vir Promark by 012-546-5035 of* admin@promark.co.za






Die Rudolp VH 6-24x50 is 'n kompakte teleskoop in vergelyking met ander teleskope in dieselfde klas.

In die kol

# Rudolph VH 6-24x50

*Deur* KOOS BARNARD

Die Rudolph-reeks van teleskope, verkykers en afstandmeters is die breinkind van plaaslike entrepreneur Dolph Baard. Hierdie produkte kom van Japan af, 'n land wat al vir baie jare bekend is vir die optiese produkte wat daar vervaardig word. Sommige van die bekendste produkte in die jagwêreld is afkomstig van die "Land van die opkomende son".

SA JAGTER/HUNTER het 'n Rudolph 6-24x50 VH (Varmint/Hunter) met 'n T5-kruishaar ontvang om deur te kyk. Dis 'n kompakte teleskoop wat 'n bietjie korter is as die twee ander Japannese teleskope van 2.5-15x50 wat ek besit. Die swart afwerking is semi-glansend en die naam Rudolph verskyn op die oogstuk aan beide die linker- en regterkant.

Daar is 'n stelknop vir parallaks op die normale plek aan die linkerkant van die teleskoop en die stelknoppe vir hoogte en rigting het beide beskermende doppies wat opskroef. Verder is daar geen fieterjasies aan die teleskoop nie en daarvan hou ek. Parallaks kan gestel word vanaf 50m tot oneindig. Die VH word verskaf met 'n sonskerm (*sun shade*) wat sowat 13cm lank is (sien foto).

Die T5-kruishaar is ene wat 'n swewende senterkolletjie het waarvan ek ook baie hou en dan is daar 14 addisionele afmikmerkies op die onderste vertikale been van die kruishaar. Hulle is so gespasieer dat die spasies 'n afstand van 1 MOA of 29mm op 100m verteenwoordig as die teleskoop op 20x-vergroting gestel is.

Soos by die meeste teleskope aangetref word, is die oogstuk se fokus van die vinnig-verstelbare tipe. Wat die stelknoppe betref verteenwoordig elke klikkie wat jy stel 'n skuif van 7.2mm op 100m of 'n kwartduim op 100 jaarts. Beide stelknoppe het ook 'n zero-indeks, met ander woorde jy kan, nadat jy die teleskoop ingestel het, die stelknop se indeks so posisioneer dat die nulmerk regoor 'n zero-merkie is. Dit word gedoen deur bloot die stelknop op te trek om dit te bevry van die ratjies, waarna die knop geroteer word tot op die verlange nulmerk – baie fabrikate se stelknoppe werk so.

Ek was aangenaam verras met die beeldhelderheid van die Rudolph – al die lense het veelvuldige deklae op wat beeldhelderheid bevorder. Die Rudolph sal jou beslis nie in die steek laat in enige ligtoestande waaronder ons in Suid-Afrika jag nie. Wat lenskwaliteit betref, gee ek dus die Rudolph hoë punte.

Die sigveld is nie heeltemal so groot soos sommige van die duur Europese teleskope s'n nie, maar dit vergelyk baie goed met dié van drie Amerikaanse teleskope wat ek tans besit.

Ek het die Rudolph op twee gewere getoets, 'n Sabatti Tactical in 6.5x47L en my .223 Savage. Ongelukkig kon ons nog nie met die teleskoop gaan jag nie, maar het dit wel tydens drie skietbaansessies getoets. Hierdie Suid-Afrikaanse Japannees het die toetse met vlieënde vaandels geslaag. Die teleskoop het baie mooi konstant en herhaalbaar gestel en ek het die T5-kruishaar baie verbruiksvriendelik gevind. Ek verkies deesdae 'n swewende kolletjie bo 'n normale kruishaar en die Rudolph se T5 pas dus so reg in my kraal.

Die feit dat die kruishaar se afmikmerkies in 1 MOA-spasies kalibreer op 20x-vergroting, vergemaklik jou taak as jy dit wil gebruik om afstand te skat tydens ghongskietkompetisies of jag. Ek verkies om afmikmerkies te gebruik vir ghongskiet eerder as om aan 'n teleskoop te stel en daarom geval die T5-kruishaar my.

Na afloop van ons skietbaantoetse kan ek met eerlikheid sê dat die 6-24x50 Rudolph my goedkeuring wegdra. Dit is beslis 'n teleskoop wat ek bereid is om aan te beveel en wat meer is, die prys is ook reg. Rudolph is bekend vir hul mededingende pryse en die VH-teleskoop val in dieselfde kategorie.

Oorweeg gerus ook hierdie teleskoop as jy weer op soek is na 'n glasoog vir 'n nuwe roer. Ek dink die Rudolph verteenwoordig uitstekende waarde vir geld. Die model wat ons getoets het, verkoop teen so rondom R12 000 in die kleinhandel.

** Indien jy meer inligting verlang oor Rudolph-produkte kontak gerus vir Dolph Baard by 082-447-4827.*





Hier is die Rudolph met sonskerm op my .223 Savage gemonteer. Die VH word verskaf met 'n sonskerm wat sowat 13cm lank is.







**BROWNING:** A-Bolt .30-06 .......... R9 999
**CZ:** • 550 Delux, .243 Win ***Now:*** R12 999 ***Was:*** R13 999
• 455 Ultra Match .22LR .......... R7 650
• 455 Super Match .22LR .......... R8 300
• 455 Laminated Grey Fluted Varmint .22LR . R9 600
• 455 Lam Varmint .22LR .......... R8 900
• 455 Varmint .......... R8 300
• Shadow 2 9x19mm blue/black .......... R19 900
• 75 P-07, 9mmP Duty .......... R7 999
• 75 P-09, 9mmP full-size, 19+1 .......... R9 600
**HOWA:**
• 1500 Laminated Varmint Cal .223 Rem, .22-250 Rem, .243 Win, 6.5 Creedmoor, .308 Win .......... R13 699
• 1500 Wallnut Hunter Ass Calibers .......... R11 500
• 1500 Varmint GRS Berserk 6.5mc threaded .......... R16 500
• 1500 Hunter Ass Calibers .......... R 8 800
**KRAL ARMS:** A12 Semi-auto, 28", 12GA .......... R8 900
**MARLIN:**
• X7 Varminter, 26", cal. .223 Rem .......... ***Now:*** R8 799
and .308 Win .......... ***Was:*** R9 900
**MOSSBERG:** • ATR .243 Win. .......... R6 900
• M88 P/A 20" .......... R6 850
• M88 P/A 28" .......... R7 150
**SAKO:**
• A7 Roughtec range .300 WSM .......... R24 500
• A7 Roughtec range 26" fluted .308 Win, .300 WM . R19 999
**WEATHERBY:**
• Vanguard SS Sin, cal .308 Win ***Now:*** R11 100 ***Was:*** R12 500
**BERETTA:** • APX Incl. Cap; Flashlight & Spare Mag. R9 600
• ARX160 .22LR Semi-auto .......... R9 400
**GLOCK:** • 42 .380 Auto Slimline .......... R7 500
• 43 9mmP Slimline .......... R8 750
• Gen 4, 19 & 17 mm .......... R9 500
• Gen 4, 23 & 22, .40 S&W .......... R9 500
• Gen 5, 19/7 .......... R10 500
• Gen 4, 26 .......... R9 500
• Gen 3, 19 & 17 .......... R7 350
**RUGER:** • LC380 .380 Aut 7+1 Rnd .......... R7 999
**BUSHMASTER:**
• Bushmaster XM15 .223/5,56mm Semi-auto .......... R16 999
**REMINGTON:** • 700 Magpul 22" .260 Rem .......... R25 999
• 700 ADL Varmint 6.5cm .......... R11 400
• 700 SPS Varmint .308 Win .......... R13 999
**TIKKA:** • T3 X Varmint .260 Rem .......... R18 500
• T3 Hunter .223 Rem, .22-250 Rem, .260 Rem. .......... R12 500
**SAUER:** • 100 6.5cm .......... R16 400
• 100 .300 WM .......... R16 400
• 100 .308 Win .......... R18 500
• Apollon o/u shotgun .......... R32 999
**DERYA** • Lion Semi-auto 12# 20" & 28" .......... R7 500
**SAVAGE** • Mod. 12 LRP .260 Rem .......... R22 500




# SHOP WINDOW

**CONTACT/KONTAK:**

**JACQUES BOSHOFF**
Tel: 012-485-9353 | Sel: 070-528-8793
E-pos: jacques.boshoff@media24.com

**FRANCO JOOSTE**
Tel: 012-485-9351 / Sel: 072-250-0201
franco.jooste@media24.com




LANGAFSTAND SKIET EN JAG
KURSUSSE
Kontak: Sean
083 383 7390
info@longrangeshootingsa.co.za
www.longrangeshootingsa.co.za
Long Range Shooting SA / Langafstand Skiet SA


ARMTEC SYNTHETIC STOCKS
P. O. Box 20481, Noordbrug, 2522 (Potchefstroom)
Chris 082 853 7134, Office (Daleen) 083 531 5860
Fax 0866 284 893 • www.armtec.co.za
Manufactured from multi-layered fibreglass cloth, laminated under pressure and filled with hi-tech composite materials. Finished in non-slip, chip-resistant epoxy coating. Available for Lee-Enfield, P14 and Brno.
Custom-built stocks for all other makes.


FIREARM MOTIVATIONS
CONTACT US
FOR PERSONAL SERVICE!
JRM GOODS & SERVICES (PTY) LTD
Kobus van den Berg
c: 082 619 7236
f: 086 236 0615
e: jagtersreg@firearmsa.co.za
w: www.firearmsa.co.za
WINCHESTER
sako
BERETTA
BROWNING
GLOCK PERFECTION
Nikon Sport Optics Nikon
ZEISS
norma
Clever


BLITZ
BLADE SHARPENER
Any blade super sharp
in a Blitz!
0823761835
mooiblitz@gmail.com
www.blitzblade.co.za
Includes 2 belts


M R S
TECHNIQUES
EST.1998
GUNSMITHING
• Certified Smith & Wesson Armorers
• Specialists in 1911-work and sportgun builds
• Rifle work done by experienced gunsmith
Tel: 012 998 3622 | Email: info@mrst.co.za


SUDAMI X-RING
RELOADING EQUIPMENT
CNC PRECISION ENGINEERING | CUSTOM-MADE EQUIPMENT
Silencer
"Winter special"
R2 600
Run-out gauge
(Concentricity gauge)
RELOADING where the X makes the difference!
Large range of case preparation products available.
Visit our website for more detail. Specialised engineering projects welcome.
Contact: Laetitia de Beer | Cell: 083 267 1341 | info@sudamix-ring.co.za
www.sudamix-ring.co.za
DEALERS WELCOME


VECTOR OPTICS
PREMIUM SCOPES
Excellent Optical Performance. Satisfying Perfectionists!
Challenging the World's Best Brands with Fair Price
• German optical system
• Clear Schott glass lenses
• 30 mm Monotube
• Long eye relief (100 mm)
• Adjustment ⅕ & ⅒ mil
• Side focus
• Glass mil-dot reticle
• RED illuminated
• Honeycomb sun shield
• FREE Picatinny mounts
PARAGON - German Style:
1,2-6x24mm R5 900.00
2-10x50mm R7 500.00
3-15x50mm R8 500.00
4-20x50mm R8 900.00
6-30x56mm R9 600.00
PACER - Air Rifle & .22:
3-9x40 x 1" R 990.00
GRIZZLY - Bos & Vlakte:
2.5-10x56mm R3 750.00
3-12x56mm R3 900.00
FORESTER - Value For Money:
2-10x40mm R3 900.00
3-15x50mm R4 500.00
REAPER - Multi-coated III
6-24x50mm R4 600.00
SENTINEL - Multi-coated III
6-24x50mm R4 950.00
TAURUS - 6xZoom Focus III
5-30x56FFP R8 900.00
SCOPE MOUNTS
Premium-quality, Stress-free Mounting
Ultimate Repeatable Accuracy & Reliability
Quick-detachable Pivot Mounts
Quick-detachable Picatinny rings with lever with perfect repeatable zero
Mounts for Sako Tikka, Blaser R8 / R95, Docter sights and sporting rifles
Vector rings from R500
For more info visit
www.eaw.de/en/service/online-catalogue.html
RED DOT SIGHTS
SCRD-10A R2 944.00
SCRD-10C R2 944.00
LASER RANGEFINDERS:
Rover 6x30x600m R3 990.00
Aurora 8x30x1200m R5 990.00
TOOLFair Cell: 082 566 2332 | wilhelm@toolfair.co.za Visit www.toolfair.co.za to view range


PLAAS IN KOEPEL TE KOOP
SLEGS
R2.8 MIL
• Vierslaapkamerhuis
• 12de aandeel in wildplaas
• Kameelperde, njalas, sebras, blesbokke, rooibokke, ens.
• 80m private rivierfront van 1.5km totale rivierfront
• Ook plaashuis vir vriende
• Een uur van Witwatersrand
Gerrit: 082 449 8451













# JAGTERSMARK | HUNTERS MARKET

OM TE ADVERTEER IN JAGTERSMARK, KONTAK:
Jacques Boshoff | Tel: 012-485-9357 | Sel: 079-528-8793 | E-pos: jacques.boshoff@media24.com
Franco Jooste | Tel: 012-485-9351 | Sel: 072-250-0201 | E-pos: franco.jooste@media24.com

## JAGGELEENTHEDE HUNTING OPPORTUNITIES

### KOKANJE WILDSPLAAS – SWARTRUGGENS

Twee ure vanaf JHB en PTA.
Selfsorg-jagkamp.
Slaap vyf. R250p/dag.
11 spesies om te jag.
Trofeediere beskikbaar.
Kontak Aret le Roux:
082-558-8352.
E-pos: *kokanje@kpgf.co.za*

### TORO GAME LODGE – FREE STATE

We offer family and corporate hunting experiences, fully-catered chalets.
Minimum six, maximum 30 people.
Hoopstad district, variety of game for biltong or trophy hunting.
*www.torogamelodge.co.za*
Rieghardt: 079-339-0438

### SEGODI GAME LODGE/SEGODI HUNTING OUTFITTERS (Lephalale/Ellisras)

Hunt and relax in the heart of the Bushveld. Luxury lodge and accommodation. Sleep 16 people. Self/B&B/fully-catered option. Rifle/bow hunting all year round. Book your 2018 hunt now! Sebastian Jonker: 079-239-9304/078-498-6860
Email for pricelist:
*segodilodge@gmail.com/ www.segodi-hunting-outfitters.com*

### SAND SPOOR SAFARIS – THABAZIMBI

Bushveld farm – 220km from Pretoria. Well-equipped bush camp. Eskom power, skinners, slaughtering and cooling facilities. Email:
*paul@sandspoorhunt.co.za*
*www.sandspoorhunt.co.za*
Paul Jordaan
Cell: 083-227-3420

### KLAWERVLEI AFRICAN HUNTING SAFARIS – TOLWE, LIMPOPO

Jagplaas met verskeie spesies wild. Selfsorg-*lodge*. Vier chalets (slaap 19), koelkamer, swembad. Kontak Dawie: 083-793-3427/ *klawervlei@xpress.co.za* en Facebook

### BONTLE MOTSWEDING HUNTING

Bushveld bow and rifle hunting. Derby NW, ±100km from West Rand and Pretoria. More than 10 species. Reasonable prices. Five hides and five camps. Cold room and slaughter facilities. Accommodation: self-catering. Chalets: two, sleep three, en-suite. Bush houses: two, sleep six with ablution block.
Hunter R500 p.p.p.d.
Non-hunter R450 p.p.p.d.
Hunting fee and vat incl. For information and prices contact Alta: 079-181-6131

### LUUKSE-JAGGELEENTHEID

Binne een uur se ry vanaf Johannesburg en 30 minute vanaf Pretoria.
Geniet 'n jagnaweek of week met 'n verskeidenheid jagpakkette.
Kontak Arrie: 082-554-9667
*info@setshabasafaris.co.za*

### BILTONGJAG APOLONICA GAME & HUNT

Alldays, Limpopo.
Luukse-akkommodasie.
Kontak Alet Steyn:
082-786-2460
*gameandhunt@apolonica.net*

### LOXTON – NOORD-KAAP

Jaggeleentheid Junie tot Julie 2018. 50 Kalahari-tipe springbokke.
Groep van 8 tot 10 ervare jagters. Skiettoets vooraf.
Kontak Jan:
082-574-4859 of
*jannolte@mweb.co.za*

# JAGTERSMARK | HUNTERS MARKET

## JAGGELEENTHEDE HUNTING OPPORTUNITIES

**ALMAR EXCLUSIVE GAME RANCH**

Bloemhof. Trofee- en biltong-jag. Koöperatiewe groepe welkom. Slag- en koelgeriewe. Luukse-akkommodasie. Swartwildebeeste, blouwilde-beeste, elande, gemsbokke, sebra en rooihartbeeste. Pakkette beskikbaar. Skakel Louaan by 082-676-0276 of *e-pos: louaanhunt@gmail.com*

**SHAKATI/WATERBERG HUNTING**

A variety of affordable plains game. Lodge with lapa, boma, three chalets. Cool room, slaugtering facilities, PH. Gideon: 082-410-1808
*reservations@shakati.co.za*
*www.shakati.co.za*

DUINEFONTEIN
GAME FARM

**HUNTING IN GANSBAAI**

- Bushbuck
- Black Wildebeest
- Eland
- Fallow deer
- Kudu
- Oryx
- Waterbuck
- Zebra

Please contact Janneman Botha for more information:
+27 (0)82-447-8958
*jannemanbotha@yahoo.com*
*www.duinefontein.co.za*

RusteVeld

**BOSVELDJAG**

*www.rusteveld.co.za*

Thabazimbi-area.
Volop wild.

Gerhard: 083-967-7216
*info@rusteveld.co.za*

**NAAUWPOORT SAFARIS, ELLISRAS, LIMPOPO**

Bespreek nou vir 'n unieke jagervaring. Kontak:
Daan: 082-453-8795 of
Peet: 071-904-8480.
E-pos: *pdb@dmv.co.za*

## TE KOOP | FOR SALE

**BOOGBOUTOERUSTING**

Verskeidenheid boogbou-toerusting en -gereedskap (oond, "jig", skuurders, band-saag, houtwerktafel). Tradisionele boë, *recurve*. Twee meesterstuk-boë. Een linkerboog 60lb en een regterboog 40lb (rooi ivoor en imbuia). Kontak vir besonderhede. 082-827-7831

**WWW.SRSANDOPTICS.CO.ZA**

BOYDS
HARDWOOD GUNSTOCKS

Vir die aankoop van enige kolwe van *boydsgunstocks.com* produkte.





**SKAAPBOER-HOUTKOLWE**
**SRS-PASMAAKKOLWE**

Bou van presisiekolwe uit gelamineerde hout en hoëgraad-houtkolwe uit eksotiese hout. Ook met ruitwerk.

srsandoptics.co.za

LIKE US ON facebook
Skaapboer Houtkolwe



**VECTOR OPTICS**
(Lewenslange waarborg*)

Ewenaar die beste kwaliteit, teen bekostigbare pryse.
- Teleskope
- Bipods
- Rangefinders
- AR/AK/FN-FAL
- Quadrails

Skakel:
Johann: 082-410-6827
Dewald: 083-367-6466
E-pos: *wjf0824106827@gmail.com*

## TE KOOP | FOR SALE

**THE WILDLIFE STUDIO**

Skakel ons vir die looi, koop en verkoop van velle, asook taksidermiewerk.
Sel: 082-849-1018 of
*wildlifestudio1@gmail.com*
(Polokwane)

**12 BOOR**

High Standard 12 boor-hael-geweer met slot. Vyfrondte-buismagasyn onder die loop. R1 500. Bel: 011-954-1757 of 082-925-5264

**12 BOOR**

Protecta 12 boor-haelgeweer. Twaalfrondte-drommagasyn. Opvoubare kolf. Skop leë doppe uit met vinnige sywaart-se beweging van pistoolgreep. R1 500. Bel: 011-954-1757 of 082-925-5264

**S.A Mega Structures**

FOR AFFORDABLE QUALITY STEEL STRUCTURES

**SIZES/GROOTTES:**

| | |
|---|---|
| 9x20x4 | = R 72 000 |
| 25x12x4 | = R120 000 |
| 50x12x4 | = R240 000 |
| 40x15x6 | = R295 000 |
| 18x30x6 | = R256 500 |
| 18x40x4 | = R288 000 |
| 20x30x6 | = R240 000 |

**GRATIS AFLEWERING EN OPRIGTING.**
**FREE DELIVERY AND ERECTING.**

Beste pryse en diens in SA.
Best prices in SA.
Alle ander groottes welkom.
Other sizes welcome.

Besoek ons webtuiste:
Visit our website:
*http://samegastructures2.wixsite.com/steel*

*Bel/Call:*
**012-520-5020/084-745-0807**

*Ons is bereid om enige geskrewe kwotasies te ewenaar.*
*We are willing to match any written quotes.*

## TE KOOP | FOR SALE

**DECRO**



- Sakke word dik uitgevoer om jou wapen maksimum beskerming te gee.
- Ons gebruik meestal Ngunivel, met leer-insetsels.
- Jy kan ook die hele sak net van vel maak.
- Die sakke kom in twee groottes:
- Groter een wat die *silencer* gemaklik kan pas. Prys R1 600.
- Kleiner sak wat haelgewere en jagge-were sonder *silencer* kan pas. Prys R1 500.
- Indien jy jou eie vel gee (springbok, koedoe, ens.) Prys R1 000.

Mof: 082-669-1777
Driekie: 072-286-4175
E-pos: *driekiedrie@live.co.za*

## DIENSTE | SERVICES

**QUINTIN JORDAAN ATTORNEYS**

Firearm licence and firearm appeal applications (100% success rate). Also sequestration and liquidation applications. Phone 082-805-0674 (Pretoria).

**JUST MOTIVATIONS – R300**

Custom firearm motivations. 100% success rate. Afrikaans/English. SMS email address to 082-567-8437 Johan Justus, retired SAPS Colonel.

**BLOKMANKURSUS**
www.butcherschool.co.za
**SA BUTCHERY TRAINING SCHOOL**
PRETORIA
**083 676 2081**
012 330 3652


IT'S THE ATTENTION TO DETAIL THAT SETS SNIPER APART!
SNIPER AFRICA®
EDC BAG R1160.00 VAT INCL.
28 Litre Capacity
Featured colour: ▪3D
AVAILABLE IN:
•Back padded with airflow channel for all day comfort
• Convenient waist buckle
• Elastic sleeve for your buckle to reduce noise
•UTX military spec buckles
• Elasticated side pouches with compression straps to keep your belongings secure
•UTX military spec buckles
•Multiple pouches to keep all your belongings organised and separate
•Lockable zips for extra security
•De-ring for quick hook and go
•YKK Zips
•Zips reversed concealing the teeth and minimising dirt and dust
•Velcro patch with Sniper logo or option to personalise with your name
• Molle system
• Carabiner for convenient attachment
•Base and inner reinforced padding for laptop
▪ Black
▪Wolf Brown
▪Olive
▪Shadows
Email: info@sniperafrica.com • www.sniperafrica.com
Sniper Africa
Sniper_Africa
Sniper_Africa



OUT SURANCE
MAAK 2018 JOU JAAR OM TE SKUIF & SPAAR.
BAKKIE
2018 Toyota Hilux
2.4 GD-6 SRX P/U D/C 4x4
48-jarige man
PREMIE
R 929 p.m.
OUTBONUS R3 547
OUTP/0659/A
BAKKIE
2018 VW Amarok 2.0 TDi C-Line 103KW D/C P/U
SNV
2018 Nissan Qashqai 1.2T Visia
LUIKRUG
2018 Renault Sandero 900T Stepway Expression
39-jarige man
PREMIE
R 969 p.m.
OUTBONUS R3 701
37-jarige vrou
PREMIE
R 566 p.m.
OUTBONUS R2 161
32-jarige man
PREMIE
R 570 p.m.
OUTBONUS R2 176
sms “jagter” na 31495 vir ’n kwotasie.
En as ons nie jou motorversekerings-premie kan klop nie, gee ons jou R400.
OUTsurance is ’n gemagtigde finansiële diensteverskaffer. Die OUTbonus word uitbetaal na drie eisvrye jare en is gebaseer op die premie. Motorversekeringspremies gekwoteer is afhanklik van die risikoprofiel. B’s, V’s en standaard sms tariewe geld.
OUT SURANCE
Waar jy altyd iets uitkry.
motor
08 600 60 000 | outsurance.co.za